UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 1

## DIE ONTWIKKELING VAN MILITêRE LUGVAART IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE JARE 1912 TOT 1939

Waar die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende die Tweede Wêreldoorlog in hierdie studie ontleed word, is dit nodig om aller= eers 'n kort historiese oorsig oor die ontwikkeling van militêre lugvaart in Suid-Afrika voor 1939 te gee.

### 1. SUID-AFRIKAANSE MILITêRE LUGVAART GEDURENDE DIE JARE 1912 - 1918

#### Inleiding

Verskeie faktore was vroeg in hierdie eeu daarvoor verantwoordelik dat militêre lugvaart in Suid-Afrika sy beslag sou kry. Die eerste van hierdie bydraende faktore was die koms van die "African Aviation Syndicate Ltd." in 1911 na Suid-Afrika. Hierdie maatskappy, onder leiding van Guy Livingstone, het daarin belang gestel om die praktyk en wetenskap van lugvaart in Suid-Afrika te bevorder.[1] In die maatskappy se diens was twee jong vlieëniers, te wete Cecil Compton Paterson en Evelyn Driver.[2] Dit was Paterson wat in 1913 'n baie groot bydrae tot die ontwikkeling van militêre lugvaart in Suid-Afrika sou lewer en waarby ons later sal uitkom.

---

1. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 16.
2. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 16.

Die tweede bydraende faktor was in die persoon van generaal Christiaan Frederik Beyers, oud-Boeregeneraal, en sedert Julie 1912 kommandant-generaal van die nuut gestigte Suid-Afrikaanse Weermag, gesetel. In 1912, het generaal Beyers, in opdrag van generaal J.C. Smuts[3] wat in daardie stadium onder andere Minister van Verdediging was, militêre maneuvers in Switserland, Frankryk, Duitsland en Brittanje, as waarnemer bygewoon. Dit was tydens hierdie maneuvers dat generaal Beyers eerste=handse kennis aangaande die gebruik van vliegtuie gedurende oorlogsituasies opgedoen het.[4]

Na sy terugkeer uit die buiteland het generaal Beyers in 1913 'n verslag oor sy ondervindinge aan die regering voorgelê. Hieruit blyk dit duidelik dat die oud-Boeregeneraal, anders as die geval met die meeste Europese militariste[5] baie geïmponeer was met die gebruik van vliegtuie gedurende die leëroefeninge wat hy bygewoon het.

---

3. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 1.
4. Report of General Beyers, Annexures to Votes and Proceedings in the House of Assembly, Vol. VI, 1913, pp. 5 - 7.
5. Die onvermoë van die oorgrote meerderheid militêre strateë aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog om die rol wat vliegtuie in 'n militêre konflik kon speel te waardeer, kom in die volgende werke duidelik na vore.

   John R. Cuneo: The Air Weapon, p. 2; John R. Cuneo: Winged Mars, p. 129; David Divine: The Broken Wing, p. 38; Aaron Norman: The Great Air War, p. 47; J.A. Phelan: Heroes and Aeroplanes of the Great War, p. 19; E. Colston Shepard: The Air Force To-Day, p. 13; J.W.R. Taylor: A History of Aerial Warfare, p. 43 asook J. Wren: The Great Battles of World War One, p. 234.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Hy het dit dan ook duidelik gestel dat vliegtuie in toekomstige konfliksituasies 'n belangrike rol gehad het om te vervul.[6] Voorts het generaal Beyers die volgende stelling aangaande die toekomstige rol van die vliegtuig in 'n land se verdedigingstelsel gemaak: "...It is impossible for any country to build up a completely successful system of defence without taking due account of this new arm of military science."[7]

In Engeland is daar ook by Beyers aangedring om, na sy terugkeer na Suid-Afrika, 'n vliegskool alhier te stig. In hierdie verband is daar aan Beyers die voorstel gemaak dat vyf of ses jong Suid-Afrikaners na Brittanje gestuur word om verdere opleiding as vlieëniers te ontvang.[8]

As gevolg van Beyers se verslag en ook sy entoesiasme, is daar besluit om tien jong manne as vlieëniers op te lei. Daar is gevolglik in die Staats=koerant van 10 Mei 1913, 'n advertensie geplaas waarin jong manne genooi is om as vlieëniers opgelei te word.[9] Van die groot aantal aansoeke wat ontvang is, is tien persone gekies om hulle opleiding in Kimberley, onder die wakende oog van Cecil Compton Paterson te ondergaan.[10]

---

6. Report of General Beyers, Annexures to Votes and Proceedings in the House of Assembly, Vol. VI, 1913, p. 5.
7. Report of General Beyers, Annexures to Votes and Proceedings in the House of Assembly, Vol. VI, 1913, p. 7.
8. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 2.
9. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 2 asook H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 16.
10. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Treffende beskrywing aangaande die opleiding van die jong aspirant-vlieëniers, word in Arthur Blake se boek, Vlieghelde van Suid-Afrika gevind.[11] Oor die tipe vliegtuig wat aanvanklik gebruik is, (gedurende die opleiding het die enigste vliegtuig neergestort en moes herbou word), gee Blake die volgende beskrywing: "Die vliegtuig waaroor die skool beskik het, is deur Paterson self ontwerp, hoewel die invloed van die Europese ontwerpers soos Graham-White, Caudron en Farman te bespeur was. Dit was 'n dubbeldekker met die roer agter die vlerke en 'n hoogteroer daarvoor. Dit het geen romp gehad nie en die onderdele is in posisie gehou deur 'n aantal houtstutte en 'n menigte drade ... Die masjien was ook iets besonders, want die krukas het stilgestaan terwyl die silinders teen 'n hoë snelheid straalsgewys daarom gedraai het. Daar was geen minerale-smeerolie beskikbaar nie en skoon kasterolie is dus in groot hoeveelhede gebruik."[12]

Uit hierdie groep jong manne is ses gekies om hulle opleiding in Engeland voort te sit. Hulle was luitenante K.R. van der Spuy, G.P. Wallace, G.S. Creed, E.C. Emmett, B.H. Turner en M.S. Williams.[13] Die groep het vanaf 25 April 1914 verdere opleiding ontvang,[14] en met die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog is vyf van hierdie ses Suid-Afrikaners as lede van die "Royal Flying Corps" na Frankryk om aan die kant van die Geallieerdes

---

11. Arthur Blake: Vlieghelde van Suid-Afrika, pp. 24-27.
12. Arthur Blake: Vlieghelde van Suid-Afrika, p. 24.
13. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 17.
14. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


teen Duitsland te veg.[15] Hulle was die voorlopers van bykans 2 000 Suid-Afrikaners wat teen 1916 in die "Royal Flying Corps" diens sou verrig.[16] In November 1914 is hulle egter teruggeroep, aangesien hulle in Suid-Afrika benodig sou word tydens die Uniemagte se inval in Suidwes-Afrika.[17]

Aan G.P. Wallace, K.R. van der Spuy en G.S. Creed is opdrag gegee om vliegtuie vir die veldtog in Suidwes-Afrika te bekom en ook genoeg=same manskappe te werf om as grondpersoneel te dien.[18]


In hierdie stadium is daar deur die drie Suid-Afrikaners op die Henri Farman-vliegtuig besluit, aangesien hierdie tipe vliegtuig, met sy staalraamwerk en Canton Unné-masjien, goed by die omstandighede in Suider-Afrika sou inpas.[19]

---

15. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p.17.
16. C.G. Burge (editor): The Royal Air Force and the Air Forces of the British Empire Year Book 1938, p. 199.
17. Air Ministry: A Short History of the Royal Air Force, p. 66.
18. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 2.
19. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 15.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





HENRI-FARMAN

(S.A. Weermag)

Die eerste vliegtuig vanaf Frankryk is in Januarie 1915 in Engeland afgelewer en nog twee ander in Maart dieselfde jaar. In die daaropvolgende maand is die drie Henri Farman-vliegtuie, asook twee B.E. 2c-vliegtuie na Suid-Afrika verskeep.[20] Twee van die Henri Farman-vliegtuie is egter op see tydens die vaart na Suid-Afrika as gevolg van swak weer en 'n on=stuimige see, erg beskadig.[21]

---


20. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, pp. 15 - 16.
21. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 3, asook H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 16.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die veldtog in Suidwes-Afrika

Kort na die aankoms van die verskillende lugkontingente in Suidwes-Afrika, het die invalsmag van generaal Louis Botha Windhoek beset.[22]

Suidwes-Afrika




22. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kort nadat Karibib deur die Unietroepe beset is, is die Duitse landingsvelde aldaar vir die lugeenhede in gereedheid gebring, en is die eerste verkenningsvlug op 28 Mei 1915 deur luitenant K.R. van der Spuy uitgevoer.[23] In Junie 1915 is Omaruru deur die Uniemagte beset en is vyf verkennings-vlugte vandaar met die Henri Farman-vliegtuie onderneem.[24] Aan die begin van Junie 1915 het 'n verdere twee Henri Farman-vliegtuie intussen in Suid-Afrika gearriveer.[25]

Op 29 Junie 1915 het twee Henri Farman-vliegtuie 'n bomaanval op die Duitse kamp te Otavi uitgevoer. Tydens hierdie aanval het elke vliegtuig agt 7,5 kilogram-bomme op die kamp gewerp.[26] Verdere verkenningsvlugte is onderneem en generaal Botha kon, na aanleiding van verslae van die vlieëniers, die presiese bewegings van die Duitse magte vasstel. Generaal Botha was ook hoogs ingenome met hierdie verslae, soos blyk uit sy gesprek met Van der Spuy, waarin hy verklaar het dat hy eintlik nou honderde kilometers ver kon "sien".[27]

Nadat die Duitse magte die futiliteit van verdere weerstand besef het, het hulle op 9 Julie 1915 aan die Unietroepe oorgegee. [28] Die Suid-Afrikaanse

---

23. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, pp. 17 - 18.
24. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 18.
25. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 18.
26. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 18.
27. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 17.
28. Air Ministry: A Short History of the Royal Air Force, (Air Publication 125), p. 67.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lugeenheid is hierop terug na Kaapstad, waar dit ontbind is. Hiervan=daan is die vlieëniers na Brittanje waar hulle hul by No. 26 Eskader van die "Royal Flying Corps" aangesluit het.[29] Hierdie eskader sou nou ook vanaf Oktober 1915 as No. 26 (Suid-Afrikaanse) Eskader bekend staan.[30]

Die Oos-Afrikaanse veldtog

Op 25 Desember 1915 is No. 26 (Suid-Afrikaanse) Eskader na Mombasa aan die ooskus van Afrika om diens teen die Duitse troepe van kolonel Von Lettow-Vorbeck te doen.[31] Majoor G.P. Wallace, wat in die tussentyd bevorder is, was in bevel van hierdie eskader.[32]

Met hulle aankoms in Mombasa op 31 Januarie 1916 het die eskader agt B.E. 2c-vliegtuie tot hulle beskikking gehad. Toe die vliegtuie egter van

---

29. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 19. "Binne die militêre opset van die verskillende oorlogvoerende lande in hierdie stadium, was daar geen sprake van ŉ outonome lugmag wat as sodanig sou fungeer nie. Die onderskeie leër- en seemagte het hulle eie vliegtuie gehad. So was daar in Brittanje die "Royal Flying Corps", wat op 13 Mei 1912 gestig is, (Vergelyk Bruce Robertson: The RAF: A Pictorial History, p. 11) en wat uitsluitlik deur die leër vir sy eie doeleindes aangewend is. Die Britse Vloot op sy beurt, het weer oor die "Royal Naval Air Service" wat op 1 Julie 1914 gestig is, (Vergelyk Peter Lewis: Squadron Histories, RFC, RNAS and RAF 1912 - 1959, p. 172) bevel gevoer. Nie een van hierdie eenhede sou dit enigsins oorweeg om bevele anders van òf die Leër òf die Vloot, te aanvaar nie.
30. Peter Lewis: Squadron Histories RFC, RNAS and RAF 1912 - 1959, p. 24.
31. Air Ministry: A Short History of the Royal Air Force, (Air Publication 125) p.146. asook H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 17.
32. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die skepe afgelaai word, is met ontsteltenis verneem dat die lugskroewe in Engeland agtergelaat is. Gelukkig kon beskikbare noodskroewe, alhoewel van 'n ander fabrikaat, aangepas en vir operasies gebruik word.[33]




FOTO VAN B.E. 2C

(Arthur Blake: Vlieghelde van Suid-Afrika, tussen pp. 26 - 27)


Alhoewel kolonel Von Lettow-Vorbeck 'n baie klein leërmag tot sy beskikking gehad het, (gedurende die hele veldtog het hy oor slegs 3 000 Blanke en 11 000 Swart troepe bevel gevoer) het hy besluit om soveel moontlik

33. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geallieerde troepe in Afrika besig te hou om dusdoende te verhoed dat hulle tot die stryd teen Duitsland in Europa sou toetree.[34] Hierin het hy dan ook baie goed geslaag, want vir bykans twee jaar het Von Lettow-Vorbeck meer as 12 000 Geallieerde Blanke troepe in Duits-Oos-Afrika in die oorlog betrek.[35]




34. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 20.

35. Edwin Sharpe Grew: European History: Great Leaders and Landmarks from Early to Modern Times, Vol. VI, p. 287.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Duitse bevelvoerder het nooit sy opponente die kans gegun om 'n beslissende slag teen hom te lewer nie. Al retirerend het Von Lettow-Vorbeck 'n ver= tragingsgeveg teen sy opponente gevoer en generaal J.L. van Deventer kon eers op 1 Desember 1917 aankondig dat alle vyandelike troepe in Duits-Oos-Afrika òf gevange geneem was, òf oor die grens van Portugees-Oos-Afrika verdryf was.[36]

In hierdie veldtog, wat vanaf Kilimanjaro in die noorde, tot diep in die Portugese gebied in die suide, en vandaar na die grens tussen Duits-Oos-Afrika en Noord-Rhodesië in die noordweste gestrek het, het die lede van No. 26 Eskader die Geallieerde troepe gesteun deur verkenningsvlugte en bomaanvalle op vyandelike teikens uit te voer.

Aangesien hierdie deel van Afrika dig bebos was, was dit vir die vlieëniers en hulle waarnemers bykans onmoontlik om die vyandelike bewegings asook vyandelike teikens vanuit die lug waar te neem, met die gevolg dat hierdie funksies nie deur die vliegtuie baie suksesvol uitgevoer is nie.[37] Hierdie probleme wat die vliegtuie gehad het om die vyandelike bewegings uit die lug waar te neem, is na afloop van die Eerste Wêreldoorlog ook deur Von Lettow-Vorbeck geboekstaaf.[38]

---

36. Edwin Sharpe Grew: European History: Great Leaders and Landmarks from Early to Modern Times, Vol. VI, p. 287.
37. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 4 asook H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force., p. 17.
38. General Von Lettow-Vorbeck: Meine Erinnerungen Aus Ostafrika, p. 183.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die feit dat die vlieëniers en hul waarnemers met 'n skynbaar onsigbare vyand te doen gehad het, het egter nie aan hulle entoesiasme afbreek ge= doen om hul ander funksies in hierdie oorlog te vervul nie. So is daar dan ook verskeie bomaanvalle op vyandelike teikens uitgevoer, weliswaar sonder enige sukses.

Een van hierdie aanvalle was op Duitse stellings in die Nguru-gebergtes in Julie 1916. Naby die kruin van die berg Kanga, het Von Lettow-Vorbeck twee swaar kanonne van die gekelderde Duitse kruiser, "Königsberg", opgestel waarmee hy die Geallieerde kamp van generaal Smuts se troepe langs die Mziharivier onophoudelik bestook het.[39] (Die "Königsberg" is op 5 Julie 1916 deur twee Britse oorlogskepe in die Rufijirivier tot sink gebring. Hierdie Duitse kruiser se posisie in die rivier is deur 'n Suid-Afrikaanse vlieënier, H.D. Cutler, wat aan die "Royal Naval Air Service" verbonde was, opge= spoor).[40]

Al gou het hierdie kamp onder die Suid-Afrikaanse troepe as "Shell Camp" bekend gestaan, en aangesien generaal Smuts geen kanonne met 'n effektiewe trefafstand tot sy beskikking gehad het om die Duitse grofgeskut mee te elimineer nie, is daar besluit om die hulp van No. 26 Eskader in te roep.[41]

---

39. Charles Miller: Battle for the Bundu, p. 183.

40. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 17.

41. Charles Miller: Battle for the Bundu, p. 183.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In sy boek Battle for the Bundu, gee die skrywer Charles Miller, 'n pragtige beskrywing van hierdie aanvalle en skryf hy onder andere:

"Just before sunset everyday, their BE2Cs performed gracefully perilous ballet steps amid violent storms of German machine gun bullets only a few feet above the mountain crest while letting fly with their fifty pound (22 kilogram) high explosive bombs ...

The only trouble was that the pilots never hit anything, for the simple reason that they never saw anything to aim at, so snugly were the German guns tucked into the forests ..."[42]

Die totale gewig van die bomme wat in hierdie aanvalle gebruik is, was meer as 3 000 kilogram[43] en een Blanke en een Askari is as gevolg van hierdie aanvalle beseer.[44] Die Blanke het 'n hand verloor terwyl hy in 'n hut skuiling gesoek het.[45]

Wanneer daar na die groot massa bomme gekyk word wat in bogenoemde aanvalle gebruik is, en die resultaat wat behaal is, asook die feit dat verkenning deur die digte bosse bemoeilik is, wil dit voorkom asof hierdie eskader geen sukses in Duits-Oos-Afrika behaal het nie. So 'n afleiding sou egter foutief wees, aangesien die vliegtuie telkemale daarin geslaag het om Von Lettow-Vorbeck se ontsnappingsroete vas te stel.[46] Ook moet daar in gedagte gehou word dat ons hier nie met die beste vliegtuie te doen gehad het nie. In hierdie verband

---

42. Charles Miller: Battle for the Bundu, p. 184.
43. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 37.
44. H.A. Jones; The War in the Air, Vol. 3, p. 37.
45. General Von Lettow-Vorbeck: Meine Erinnerungen Aus Ostafrika, pp. 124 - 125.
46. H.A. Jones: The War in the Air, Vol. 3, p. 30.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


beskryf Charles Miller die werkverrigting van die B.E. 2c-vliegtuig as volg: "A pilot never knew when his plane's sniffling 70-hp. engine would cut out . . . he could usually rely on this to happen at least half a dozen times in a ninety-minute mission."[47]

In Junie 1918 het No. 26 Eskader na afloop van hulle dienstydperk in Duits-Oos-Afrika na Brittanje vertrek.[48] Vandaar is hulle aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog terug na Suid-Afrika.

Suid-Afrikaners in die Britse Lugmag tydens die Eerste Wêreldoorlog

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het ongeveer 3 000 Suid-Afrikaners hulle in die geledere van òf die "Royal Flying Corps" òf die "Royal Naval Air Service" òf die "Royal Air Force" bevind.[49] Van hierdie getal het 260 vlieëniers hulle lewe in die oorlog verloor.[50]

Twee van die Suid-Afrikaanse vlieëniers verbonde aan die Britse Lugmag verdien om in hierdie stadium vermeld te word. Die eerste vlieënier, kaptein A.W. Beauchamp-Proctor, was nie alleen die vlieënier aan Britse kant wat die meeste dekorasies vir dapperheid in die oorlog

---

47. Charles Miller: The Battle for the Bundu, p. 184.
48. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 17.
49. C.G. Burge (editor): The Royal Air Force and the Air Forces of the British Empire Year Book 1938, p. 199.
50. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verdien het nie;[51] hy het ook die hoogste Britse militêre toekenning vir dapperheid, naamlik die "Victoria Cross" op 30 November 1918 verower.[52] Die tweede persoon wat hier genoem word is Hugh W.L. Saunders. "Dingbat" Saunders sou na die oorlog in die Britse Lugmag aanbly en hy het dan ook tot eerste lugmaarskalk van die Britse Lugmag gevorder.[53]

## 2. DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG 1919 - 1939

Toe generaal J.C. Smuts in 1919 premier van Suid-Afrika geword het, het hy besluit om 'n lugmag in Suid-Afrika, as deel van die Unie se gewapende magte, te stig. Die persoon op wie generaal Smuts se keuse geval het om die leiding met die stigting van hierdie lugmag te neem, was 'n Vrystaatse Afrikaanssprekende, Helperus Andrias van Ryneveld.[54]

In 1919 is die latere luitenant-generaal, maar toe nog kolonel Van Ryneveld, as die Suid-Afrikaanse lugskakeloffisier by die Britse Lugmag aangestel. Aangesien die Britse regering 'n skenking van oorskot

---

51. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 5.
52. Arthur Blake: Vlieghelde van Suid-Afrika, p. 78.
53. Arthur Blake: Vlieghelde van Suid-Afrika, p. 63.
54. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorlogsvliegtuie aan die verskillende dominiums sou maak, is daar aan Van Ryneveld opdrag gegee om van hierdie vliegtuie uit te soek en na Suid-Afrika te versend.[55] Hierdie geskenk wat as die "Imperial Gift" bekend sou staan, [56] het nie alleen 100 vliegtuie (48 D.H.9's, 30 Avro 504K's en 22 S.E.'s)[57] ingesluit nie, maar ook volledige nood=vliegtuigmasjiene, vliegtuigloodse, radiosenders, fotografiese toerusting, spesiale vliegtuigolie en -verf, asook volledig toegeruste werkswinkel=masjinerie om enige moontlike masjienprobleme wat die vliegtuie mag opdoen, op te los.[58]

Afgesien van die "Imperial Gift" het die Suid-Afrikaanse regering 'n verdere elf DH 4-vliegtuie van die "Overseas Club of London" ontvang.[59] Die totale waarde van die "Imperial Gift" asook die vliegtuie wat van die "Overseas Club of London" ontvang is, is op ongeveer £2 000 000 bereken.[60]

---

55. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 6.
56. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 6.
57. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 9. (voetnota)
58. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 6.
59. Report of the Select Committee on the Union Defence Forces Bill, Vol. II, 1921, p. 150.
60. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileum=gedenkboek, p. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie geskenk het aan die beoogde Suid-Afrikaanse Lugmag lewens=vatbaarheid gegee en teen 1921 het die organisatoriese aspekte alreeds sover gevorder dat 'n program vir die verdere ontwikkeling van die lugmag aan die Suid-Afrikaanse regering voorgehou is.[61] Hiervolgens sou daar gedurende die jare 1921 - 1922 gepoog word om 'n eskader met drie vlugte van ses vliegtuie elk daar te stel en om in die daarop=volgende jaar die lugmag met 'n verdere eskader van 18 vliegtuie aan te vul.[62] As gevolg van 'n insinking in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die na-oorlogse jare, kon die beoogde program vir die opbou van die lugmag egter nie plaasvind nie. Van owerheidsweë is slegs genoegsame steun ontvang om twee vlugte van ses vliegtuie elk toe te rus.[63]

In hierdie verband moet daarop gewys word dat 'n tekort aan finansiële steun een van die belangrikste faktore vir die stadige ontwikkeling van militêre lugvaart in Suid-Afrika was. In 'n verslag van Van Ryneveld aangaande die rol wat die Suid-Afrikaanse Lugmag in die Staking van

---

61. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 170, Lêer VII, History of Defence in South Africa 1910 - 1930, p. 14788.
62. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 170, Lêer VII, History of Defence in South Africa 1910 - 1930, p. 14788.
63. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 170, Lêer VII, History of Defence in South Africa 1910 - 1930, p. 14789.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1922 gespeel het,[64] maak hy onder andere die volgende opmerking:

"The importance of the lesson which had been learnt so thoroughly by the end of the Great War viz: the necessity of close and intelligent co-operation between land forces and aircraft, was more than ever demonstrated in these operations ...

Wireless Co-operation with land forces constitutes approximately two-thirds of the normal work of an Air Force ...

It appears indeed extremely short-sighted policy to have cut out completely this branch of work in the S.A. Air Force for the sake of saving £2 000 per annum."[65]

Wanneer 'n ontleding van die staat se uitgawes in die jare 1919 tot 1939 gemaak word, is dit opmerklik dat daar in hierdie jare 'n gemiddelde van slegs 3,4 persent aan die Unie se verdediging afgestaan is.[66] Hierdie geringe uitgawe word baie duidelik in onderstaande sirkelsektorgrafiek weerspieël en die vraag ontstaan onwillekeurig aan watter faktore hierdie lae persentasie gewyt kan word.

---


64. 'n Volledige beskrywing aangaande die rol wat die Suid-Afrikaanse Lugmag in die onderdrukking van hierdie staking gespeel het, word in die volgende werke aangetref en sal derhalwe nie in hierdie studie herhaal word nie.

    Arie Gerhardus Oberholster: Die Randse Staking van 1922, pp. 195-211. (D.Phil-proefskrif, 1979) asook James A. Brown: A Gathering of Eagles, pp. 10 - 12.

65. S.A.W.-Argief: DC 3520, Lêer D.A.S. 7/10, Operations; S.A. Air Force since Inception, Air Operations March 10th to 15th, 1922, pp. 9 - 10.

66. Uittreksels uit "Estimates of the Expenditure to be defrayed from Revenue Funds" vir die jare 1919 tot 1939.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Een van die redes vir hierdie lae persentasie van die staatsbesteding aan verdediging, was dat Suid-Afrika onder geweldige ekonomiese druk gebuk gegaan het.[67] Ons dink hier veral aan die ekonomiese insinking in die na-oorlogse jare asook die groot Depressie van die dertigerjare. 'n Verdere belangrike faktor word in die werk South Africa at War duidelik soos volg uiteengesit: "On 28 June 1919, when the Treaty of Versailles was signed, Marshall Foch is said to have remarked, 'This is not Peace. It is an Armistice for twenty years.' Within less than two months the British War Cabinet had accepted the general principle of a 'Ten-Year Rule' which, year after year, presupposed that Britain would not be engaged in any great war during the following ten years."[68]

---

67. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 12.

68. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit bostaande blyk dit duidelik dat Brittanje en Suid-Afrika nie 'n verdere grootskaalse oorlog in die afsienbare toekoms voorsien het nie en dus ook geen rede tot bewapening kon insien nie. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging, kolonel F.H.P. Creswell, in Mei 1931 in die Suid-Afrikaanse Volksraad verklaar dat die wêreld taamlik verseker kon wees dat die vrede sou standhou.[69.]

Vanaf 1933 het daar egter in Brittanje 'n kentering ten opsigte van die "Ten-Year Rule" ontstaan, veral nadat Duitsland in daardie jaar aangekondig het dat hy hom aan die Ontwapeningskonferensie gaan onttrek.[70] Hierdie gevoel het egter nie onder Suid-Afrikaanse politici posgevat nie. "For the next five years, even though Britain in July 1934 had changed her 'deficiency' programme for the RAF into one of rearmament, appeals for funds for defence in South Africa found few enthusiastic listeners among the politicians."[71]

Hierdie besuinigingsbeleid ten opsigte van Suid-Afrika se verdedigings=mag het ook na die lugmag deurgesuur. Wanneer 'n vergelyking getref word tussen die fondse wat aan die Unie-Verdedigingsmag en die Lugmag tussen die jare 1919 en 1939 toegestaan is, blyk dit dat die Suid-Afrikaanse Lugmag slegs 12,7 persent van die totale bedrag

---


69. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 1.
70. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 3.
71. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 5

1392989
1392986

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontvang het.[72]




Nieteenstaande die feit dat die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende die "Bondelzwarts-opstand" van 1922[73] en die opstand onder die

---

72. Uittreksels uit "Estimates of the Expenditure to be defrayed from Revenue Funds" vir die jare 1919 tot 1939.

73. Volledige beskrywings aangaande hierdie opstande kan in die volgende werke gevind word.

Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileum=gedenkboek, p. 29 asook James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Rehoboth-basters in 1925[74] bewyse van hulle doeltreffendheid gelewer het, was hierdie fondse nie genoegsaam om 'n goed toegeruste lugmag daar te stel nie.

Die vernaamste rede vir hierdie lae persentasie fondse wat aan die lugmag toegewys is, moet nie alleen in die ekonomiese situasie in Suid-Afrika of 'n oorgerustheid by politici dat daar nie weer 'n oorlog sou uitbreek, gesoek word nie, maar ook in die posisie van Van Ryneveld vis-á-vis dié van die hoof van die Suid-Afrikaanse Generale Staf. "From the moment he became Director of Air Services, Van Ryneveld made it plain to the Department of Defence that the air force should not come under other branches of the service."[75] Die "Lugdienste", of te wel die "Direkteur" daarvan het los gestaan van die Unie-Verdedigingsmag en was geheel en al onafhanklik daarvan, wat die bewilliging van fondse verder beduiwel het.[76] (Selfs na die aanstelling van Van Ryneveld as Hoof van die Generale Staf op 1 Mei 1933,[77] het hy " ... nooit sy houvas op die Lugmag laat vaar nie ... ten spyte van die aanstelling van 'Direkteurs, Lugmag.'"[78]

---

74. Volledige beskrywings aangaande hierdie opstand kan gevind word in: Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 29.

75. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 9.

76. Aantekeninge van luitenant-generaal H.J. Martin in 1986 ontvang.

77. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 335.

78. Aantekeninge van luitenant-generaal H.J. Martin in 1986 ontvang.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die opkoms van totalitêre state in Europa kon daar verwag word dat die lugmag in Suid-Afrika sou uitbrei, veral gesien in die lig van gevare wat hierdie lande se imperialisme vir wêreldvrede ingehou het. Veral na die verowering van Abbesinië deur Italië in 1936, is daar gevrees dat Italië moontlik verder suidwaarts kon uitbrei wat 'n gevaar vir Suid-Afrikaanse onafhanklikheid ingehou het.[79] Met hierdie voor-die-handliggende gevaar het die Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging, mnr. Oswald Pirow, in 1936 'n plan voorgestel waarvolgens daar binne die bestek van vyf jaar 1 000 vlieëniers en 3 000 vliegtuigwerktuigkundiges opgelei sou word.[80] Verder is daar in die vooruitsig gestel dat die Suid-Afrikaanse Lugmag teen 1938 oor meer as 200 nuwe vegvlieg=tuie en bomwerpers sou beskik met 'n addisionele 56 vliegtuie wat vir opleiding gebruik sou word.[81]

Gedurende hierdie jare het die oorlogswolke in Europa begin saampak en Europese lande en in die besonder Brittanje, het hulle op die bewape=ning van hulle eie magte begin toespits. Die gevolglike moontlikheid dat daar vertragings in die uitvoering van bestellings sou voorkom is egter nie deur die Suid-Afrikaanse regering in ag geneem nie.[82] So is daar in 1935 'n totaal van 285 Bren-masjiengewere van die Britse regering bestel. Teen die middel van 1937 is daar slegs 15 van hierdie

79. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 335.
80. C.G. Burge (editor): The Royal Air Force and the Air Forces of the British Empire Year Book 1938, p. 201.
81. C.G. Burge (editor): The Royal Air Force and the Air Forces of the British Empire Year Book 1938, p. 201.
82. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 337.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



masjiengewere aan die Suid-Afrikaanse Weermag gelewer.[83] Daar is toe besluit om masjiengewere plaaslik te vervaardig en Tsjeggo-Slowakye is in hierdie verband genader om met die oprigting van die fabriek en die vervaardiging van hierdie wapen behulpsaam te wees. In daardie stadium het Hitler egter genoemde land tot die Derde Duitse Ryk gevoeg en het hierdie skema derhalwe deur die mat geval.[84]

Wat die voorsiening van die Suid- Afrikaanse Lugmag betref, het mnr. Pirow sy bestelling van Hawker Hurricane-vegvliegtuie gekanselleer toe hy verneem het van 'n beter vliegtuig, wat waarskynlik die Spitfire-veg=vliegtuig was.[85] Hierdie vegvliegtuie sou egter eers teen die einde van 1942 hul verskyning in Afrika maak,[86] met die gevolg dat die Suid-Afrikaanse Lugmag met die uitbreek van die Tweede Wêreldoor=log slegs oor die volgende vliegtuie beskik het: vier Hurricane Mk.I-vegvliegtuie, ses Hawker Fury Mk II-vegvliegtuie, een Fairey Battle Mk. III-bomwerper, een Bristol Blenheim Mk I-bomwerper, 63 verouderde Hawker Hartbees-aldoelvliegtuie (waarvan meer as 40 as gevolg van 'n tekort aan onderdele nie lugwaardig was nie) en agtien Junker 86Z-7-passasiersvliegtuie wat in bomwerpers verander was.[87]

---

83. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 337.
84. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 337.
85. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 337.
86. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 148.
87. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Indien Robin Higham se stelling as korrek aanvaar word dat vliegtuie die sigbae simbool van lugkrag is,[88] dan kon die Suid-Afrikaanse Lugmag nie daarop aanspraak maak dat hy aan hierdie vereiste aan hom gestel, voldoen het nie. Afgesien van die feit dat die lugmag min vliegtuie tot sy beskikking gehad het, was die vliegtuie, met uitsondering van die Hurricane-vegvliegtuie, verouderd en geheel en al ontoereikend wat hulle bewapening en werkverrigting betref.

Soos in die geval van enige organisasie moet 'n land se weermag, insluitende die lugmag, oor 'n deeglike administratiewe afdeling beskik. Ook in hierdie geval kan dit nie gesê word dat die Suid-Afrikaanse Lugmag op 'n gesonde voet verkeer het nie. Die rede hiervoor moet in die persoon van Van Ryneveld asook sy hantering van die Suid-Afrikaanse Lugmag gesoek word. Volgens die skrywers van South Africa at War het Van Ryneveld "...homself tot die enigste Uitvoerende Offisier van die Unie-Verdedigings=mag verklaar en met dié doel voor oë om onkoste te besnoei het hy sonder die dienste van Diensbevelvoerders klaargekom. Die senior offisiere van die Suid-Afrikaanse Leër, Lugmag en later die Vloot is as niks meer as stafoffisiere beskou en behandel nie ...

As die bron van alle besluite het die HGS (Hoof van die Generale Staf) nooit enige gesag aan sy onderdane gedelegeer nie, en het sodoende die senior offisiere die uitoefening van individuele inisiatief ontsê en hulle kon op hulle beurt nie aan laer vlakke delegeer nie."[89]

---

88. Robin Higham: Air power, p. 233.

89. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. ix.

Die belangrikste uitvloeisel van hierdie houding van Van Rynevled was dat, "Neither the army nor the air force had any direct chain of operational command through Corps, Divisional or even Brigade Headquarters or through Group, Wing or Squadrons and there was no General Officer Commanding, independent of the CGS."[90]

Die Suid-Afrikaanse Lugmag was derhalwe wat hulle getal en soorte vliegtuie, asook administrasie betref, totaal onvoorbereid toe die oorlog uitgebreek het. Wat betref die toerusting waarmee die vlieëniers hulle take moes verrig, was die Suid-Afrikaanse Lugmag eweneens in 'n benarde posisie. Hierdie feit word deur die volgende voorbeelde ge= ïllustreer.

Alreeds in September 1939 het die Suid-Afrikaanse regering te kenne gegee dat hy die beskerming van die Suid-Afrikaanse kusgebiede sou be= hartig.[91] Hierdie besluit sou uiteraard ook die beskerming van die seeroete om die Kaap behels. Om dié rede is lugmageenhede tussen 18 en 20 September 1939[92] vanaf Germiston na Durban, Port Elizabeth, Kaapstad en Walvisbaai oorgeplaas.[93] Elkeen van hierdie eenhede het uit drie Ju 86-vliegtuie, ses offisiere en twaalf manskappe

---

90. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 26.
91. S.A.W.-Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p.6.
92. S.A.W.-Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 4.
93. S.A.W.-Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bestaan.[94]

Die patrollering van die seeroete om die Suid-Afrikaanse kus is dan ook onder moeilike omstandighede deur die bemannings van hierdie vliegtuie onderneem. Geskikte kompasse asook stophorlosies vir die gebruik van navigasie was nie altyd geredelik beskikbaar nie[95] en ten minste een van die vlieëniers moes met behulp van 'n goedkoop wekker oor die weg kom.[96] Valskerms was 'n rariteit,[97] terwyl die radiotoerusting van die vliegtuie uit die Eerste Wêreldoorlog gedateer het.[98] In sommige vliegtuie was daar nie eens vir noodvoorrade soos water en voedsel, voor=siening gemaak nie![99]

---

94. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p.4.

95. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 260, Lêer B.I.: 16, South African Air Force, A Summary, The growth, duties and difficulties of South African Coastal Air Force, p. 11.

96. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 260, Lêer B.I.: 16, South African Air Force, A Summary, The growth, duties and difficulties of South African Coastal Air Force, p. 11.

97. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 260, Lêer B.I.: 16, South African Air Force, A Summary, The growth, duties and difficulties of South African Coastal Air Force, p. 11.

98. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 260, Lêer B.I.: 16, South African Air Force, A Summary, The growth, duties and difficulties of South African Coastal Air Force, p. 11.

99. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was nie alleen ten opsigte van die beskikbare toerusting waaraan hierdie eenhede mank gegaan het nie, maar ook wat die bewapening van die vliegtuie betref het. Die standaard-bomvrag van die Anson-vlieg=tuie, wat die Ju 86-vliegtuie in Mei 1940 vervang het,[100] het uit twee 45 kilogram anti-duikbootbomme, vier nege kilogram anti-personeel=bomme en twee sementbomme bestaan.[101] Hierdie laasgenoemde sementbomme is deur die Suid-Afrikaanse Lugmag vir oefendoeleindes gebruik[102] en skyn 'n ietwat onortodokse oorlogswapen te wees! Dit moet egter ook genoem word dat alle vliegtuie as gevolg van 'n nypende tekort aan beskikbare bomme aanvanklik nie eens hierdie bomvrag gedra het nie. Seeroetes is dikwels sonder enige bomme gepatrolleer![103]

Vise-lugmaarskalk M.B. Frew het die funksies van hierdie eenhede van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat die seeroetes moes patroleer, soos volg saamgevat: "Primary duty of aircraft co-operation with Naval hunting forces ... reporting and shadowing any enemy ships sighted, whether merchant ships or warships and to ensure that no hostile war vessels, including armed merchantmen masquerading as friendly or neutral ships approach the coast of the Union

---

100. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 44.

101. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 66.

102. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 66.

103. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 48.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



undetected."[104] Selfs in die uitvoering van genoemde pligte om vyandelike skepe te identifiseer, sou die bemannings gekort= wiek word. Omdat vliegtuie nie toegelaat is om nader as 1,6 kilometer van skepe verby te vlieg nie,[105] was dit bykans on= moontlik om te alle tye die skepe wat in die Suid-Afrikaanse gebiedswaters gevaar het, sonder 'n ordentlike verkyker korrek te identifiseer.[106] Sulke verkykers was egter nie altyd byder= hand nie. So het die Suid-Afrikaanse lugmageenheid wat in Port Elizabeth gestasioneer was, in Maart 1941 gekla dat die enigste verkyker in besit van die eenheid uiters swak en derhalwe byna nutteloos was.[107]

Dit sou hierdie swak toegeruste lugmag, bestaande uit 131 offisiere en 1 605 manskappe van ander range[108] wees, waarmee die Italiaanse "Regia Aeronautica" in Oos-Afrika die stryd aangesê sou word. Twee baie belangrike eienskappe sou egter in die guns van die Suid-Afrikaanse Lugmag tel. Die eerste hiervan was die MOREEL van die verskillende lede van hierdie mag en die tweede die TEGNICI verantwoordelik vir die onderhoud van die vliegtuie. In hierdie verband noem die skrywers, Webster

---

104. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 158.

105 S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 168.

106. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 152.

107. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 152.

108. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en Frankland onder andere die volgende: "Thus, the principal operational elements ... are: first, the calibre of the crews, which is a question of selection, training, experience, leader= ship and fighting spirit; secondly, the performance of the aircraft ..."[109]

Oor die kaliber van die vlieëniers van die Suid-Afrikaanse Lugmag kon daar geen twyfel bestaan het nie. As gevolg van die ekonomiese druk in Suid-Afrika het Van Ryneveld vanaf Desember 1930,[110] die sogenaamde "amphigarious"-stelsel[111] van offisiersopleiding tot stand gebring. Hiervolgens is offisiere binne die bestek van 18 maande as vlieëniers, infanteriste en artilleriste opgelei.[112] Of hierdie offisiere wel binne die bestek van 18 maande hulself as meesters van enige van die drie afdelings kon bekwaam is hoogs debatteerbaar. Wat egter wel van belang is, is die feit dat ons hier met die keur van offisiere te doene sou kry - slegs die beste sou kon kwalifiseer. Soos James Ambrose Brown dit dan ook tereg stel: "Competition was brutally

---

109. Charles Webster and Noble Frankland: History of the Second World War - The Strategic Air Offensive Against Germany 1939 - 1945, Vol. 1, p. 19.

110. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 17.

111. "Amphigarious" is 'n woord wat deur Van Ryneveld saamgestel is en wat van die Griekse woord "amphi" afkomstig is en wat "lug" beteken, gekoppel met die woord "gare" wat "grond" be= teken. Vergelyk James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 17.

112. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



keen. Wastage was as high as 50%".[113] Uit 'n totaal van 750 kandidate in 1936, om 'n enkele voorbeeld te noem, is slegs 30 as geskik vir hierdie kursus beskou.[114] Met so 'n elité groep offisiere tot beskikking van die Lugmag, kan verwag word dat die moreel ook van hoogstaande gehalte sou wees.

Uit die aangehaalde gedeelte op die vorige bladsy is dit duidelik dat Webster en Frankland 'n hoë premie op die werkverrigting van vliegtuie plaas. Hierdie werkverrigting gaan ook hand-aan-hand met die gehalte van tegnici verantwoordelik vir die onderhoud van die vliegtuie. Op hierdie gebied was die Suid-Afrikaanse Lugmag ook gelukkig om sedert 1926 'n gesonde kern van tegnici op te lei - tegnici wat nie alleen ondervinding van vliegtuigmotore opgedoen het nie, maar ook van die bou en herstel van vliegtuie. Soos James Ambrose Brown dit stel: "For years S.A.A.F. artisans had been repairing all crashed aircraft, completely rebuilding where necessary. The high degree of skill in its workshops resulted in aircraft which would have been regarded as 100% write-offs in the R.A.F. being put back into service with their original numbers."[115]

---

113. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 17.

114. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 21.

115. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie hoë standaard van tegniese opleiding sou die Suid-Afrikaanse lugmag goed te staan kom in die onstuimighede wat hulle gedurende die jare 1939 tot 1945 tegemoet gegaan het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

## DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG VERDIEN SY SPORE IN ITALIAANS-OOS-AFRIKA

"When the Italians come to draw up a list of factors which caused them to lose their East African Empire, they will place the S.A.A.F. somewhere near the top of the list."[1]

Wanneer daar na die paraatheid van die Suid-Afrikaanse Lugmag aan die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog, soos in die vorige hoofstuk vermeld, gekyk word, is dit bykans onmoontlik om te glo dat hierdie lugmag kon voldoen aan die vereistes van lugkrag wat aan hom gestel is. Deur dus ter aanvang na die lofbetuigings van die Britse Sekretaris van Lugvaart, sir Archibald Sinclair in die aanhaling hierbo, te verwys, mag die indruk geskep word dat die ondersoeker daarna sou trag om 'n subjektiewe beeld aangaande die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag aan die begin= jare van die oorlog voor te hou. Dit is egter nie die geval nie. Die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag in die veldtog in Italiaans-Oos-Afrika toon trouens duidelik dat die lugmag wel deeglik aan die gestelde vereistes voldoen het, soos wat in die hieropvolgende bladsye gesien sal word.

---

1. Britse Sekretaris van lugvaart, sir Archibald Sinclair, soos aangehaal deur Harry Klein: Springbok Record, p. 65.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1. STRATEGIESE WAARDE VAN ITALIAANS-OOS-AFRIKA

Die strategiese waarde wat Italiaans-Oos-Afrika vir Brittanje en Suid-Afrika ingehou het, is teen 1939 wel deeglik deur Britse en Suid-Afrikaanse militêre strateë besef. In 'n waardebepaling wat van hierdie gebied gemaak is,[2] en wat ook deur Suid-Afrikaanse militêre bevelvoerders bestudeer is, is daar tot die konklusie gekom dat Italië hierdie gebied sou kon gebruik as afspringplek om verskeie moontlike imperialistiese asook strategiese ideale te verwesenlik.[3]

Daar was in die eerste plek die vrees dat die Italiaanse Vloot, met basisse in Massawa en Mogadisjoe[4] daarin sou slaag om beheer oor die belangrike seeroete deur die Rooi See en die Suezkanaal te verkry.[5] Hierdeur sou die Britse oliebelange in Arabië bedreig word[6] asook die roete waarlangs Brittanje sy olievoorrade vanaf Irak en Iran vervoer het.[7] Verder het Italiaanse beheer oor die Rooi See die implikasie ingehou dat eenhede van die Britse magte in Egipte

---

2. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Digest of Air appreciation on Italian East Africa, p. 1.
3. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Digest of Air appreciation on Italian East Africa, p. 1.
4. H. Klein: "Through Addis and beyond." In Reader's Digest Illustrated Story of World War II, Vol. 1, p. 117.
5. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Digest of Air appreciation on Italian East Africa, p. 1.
6. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 32.
7. John Connell: "Wavell's 30 000." In Purnell's History of the Second World War, p. 311.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wat Brittanje se belange aldaar moes beskerm in die suide totaal afgesny sou wees van noodsaaklike voorrade en versterkings.[8] Die teenwoordigheid van 'n groot deel van die Italiaanse Vloot in Taranto en Napels in die suide van Italië,[9] het die moontlikheid van die isolasie van Egipte verhoog deurdat die gebruik van die Middellandse See vir Britse skeepvaart ontsê kon word.[10]

Beheer oor die belangrike seeroete deur die Rooi See en die Suezkanaal was nie alleen vir Brittanje van kardinale belang nie, maar ook vir Italië. Hiersonder sou Italiaans-Oos-Afrika afgesny wees van enige voorrade vanaf die moederland.[11] Dat Italië dus sou poog om beheer oor die seeroete te verkry, was teen 1940 vir Brittanje 'n uitgemaakte saak.

---

8. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 32 asook John Connell: "Wavell's 30 000." In Purnell's History of the Second World War, p. 311.
9. J.C.E. Smith: "Naval War in the Mediterranean". In Purnell's History of the Second World War, p. 338
10. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 5.
11. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Digest of Air appreciation on Italian East Africa, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Die besit van Italiaans-Oos-Afrika het in die tweede plek sekere imperialistiese moontlikhede vir Mussolini ingehou. Ten weste van hierdie gebied was die Soedan wat aan die Belgiese Kongo (Zaïre) gegrens het. Ten suide was Kenia en Tanganjika (Tan= zanië) wat op sy beurt aan Noord-Rhodesië (Zambië) gegrens het. Beide gebiede, naamlik die Kongo en Noord-Rhodesië, was nie alleen ryk aan koper- en steenkoolbronne nie, maar ook aan goeie land= bougrond.[12] 'n Italiaanse opmars na die weste of die suide kon dus nie buite rekening gelaat word nie. Inteendeel, 'n reeks lan= dingsvelde vir die Italiaanse Lugmag ten suide van Addis Abeba het hierdie moontlike imperialistiese strewe van Fascistiese Italië onderstreep.[13] So 'n suidwaartse uitbreiding deur Kenia en Tangan= jika (Tanzanië) na Noord-Rhodesië (Zambië) sou ook 'n bedreiging vir 'n onafhanklike en veral mineraalryke Suid-Afrika inhou.

---

12. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Digest of Air appreciation on Italian East Africa, p. 1.
13. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Digest of Air appreciation on Italian East Africa, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MOONTI ... IALISTIESE
BEDREIGING IN OOS-AFRIKA




Op 23 Maart 1940 het die Britse regering daarom 'n versoek aan die Suid-Afrikaanse premier, generaal J. C. Smuts, gerig dat Suid-Afrikaanse troepe in Kenia ontplooi moet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word om moontlike Italiaanse aggressie in hierdie deel van Afrika hok te slaan.[14] Die Britse vrees kan veral daaraan toegeskryf word dat hulle verdedigingsmagte wat in Kenia, Brits-Somaliland en die Soedan was, getalsgewys nie opgewasse was teen die vy= andelike magte wat in Italiaans-Oos-Afrika aanwesig was nie.

## 2.2 VERGELYKENDE STERKTE VAN DIE OPPONERENDE MAGTE IN OOS-AFRIKA

Teen die helfte van 1940 het die Britse intelligensiediens geskat dat daar ongeveer 255 000 troepe in Italiaans-Oos-Afrika teenwoordig was.[15] Hierdie skatting was baie akkuraat, want met die Italiaanse oorlogsverklaring op 10 Junie 1940,[16] het die bevelvoerder in Italiaans-Oos-Afrika, die hertog van Aosta, in werklikheid 'n totaal van 255 950 soldate tot sy beskikking gehad.[17] Hierdie mag kon met 'n verdere 35 226 man, behorende tot die "Carabinieri" (berede soldate) polisie, vloot en lugmag aangevul word.[18]

---

14. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 6.
15. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 14.
16. Wilfred Knapp: A History of War and Peace 1939 - 1965, p. 7.
17. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, pp. 14 en 342.
18. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, pp. 14 en 343.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierteenoor was daar in Brits-Somaliland slegs 1 475 man, in Kenia 8 500 en in die Soedan minder as 9 000:[19] in totaal dus minder as 20 000 troepe om moontlike Italiaanse aggressie ten weste, suide of in die noorde teen te staan.

Wat die Italiaanse Lugmag betref, was hulle in Italiaans-Oos-Afrika ook getalsgewys in 'n gunstige posisie. Teenoor die 44 Suid-Afrikaanse vliegtuie,[20] het die "Regia Aeronautica" ongeveer 325 vliegtuie gehad.[21]

Italiaanse bomwerpers

Die Italiaanse bomwerpereskaders was met Caproni (CA 133) en Savoia-Marchetti (SM 81 en SM 79) bomwerpers toegerus. Die SM 79-bomwerper was 'n goeie vliegtuig, maar die Italiaanse vlieëniers was oor die algemeen nie baie in hulle skik met die CA 133- en SM 81-bomwerpers nie.


Die CA 133-bomwerpers wat deur die Italiaanse vlieëniers as "vlieënde

---

19. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 14.
20. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 36.
21. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 304, The Italian Campaign in East Africa, I, 10 June 1940 - 18 May 1941, p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


doodskiste" bestempel is,[22] was verouderde bomwerpers met 'n mak= simum spoed van 265 kilometer per uur. 'n Bomvrag van 500 kilogram kon vervoer en 'n hoogtegrens van 5 500 meter bereik word.[23]



CAPRONI

(James A. Brown: A Gathering of Eagles, tussen pp. 84 en 85)


---

22. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 46.
23. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 154.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierteenoor het die SM 81-bomwerper 'n maksimum spoed van 340 kilometer per uur gehad. Die bomvrag wat hierdie vliegtuig in staat was om te vervoer, was 2 000 kilogram terwyl 'n hoogtegrens van 7 000 meter 'n verbetering op die CA 133-bomwerpers was.[24] Volgens die mening van Italiaanse vlieëniers het die swaar bomvrag die vliegtuig lomp en ook stadiger gemaak. Sodra die bomluik oopgemaak is, was die lugweerstand baie hoog, wat tot 'n verdere afname in spoed aanleiding gegee het.[25]




SM 81

(Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 50)

---


24. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 162.

25. S.A.W. - Argief: D.G.A.F. Groep 2, Houer 35, Lêer 24/7/3/3, War Tactics - Operations Italy, Italian Tactics (23rd December 1940), p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die beste bomwerper wat die Italiaanse Lugmag in Oos-Afrika tot sy beskikking gehad het, was onteenseglik die SM 79. Hierdie vliegtuig kon 'n bomvrag van 1 250 kilogram vervoer wat heelwat minder was as die 2 000 kilogram van die SM 81, maar wat nie sy werkverrigting so sou kortwiek soos dit die geval met die SM 81 was nie. 'n Verdere eienskap van hierdie vliegtuig was dat hy 'n hoogtegrens van 6 500 meter kon behaal.[26]



SM 79

(James A. Brown: A Gathering of Eagles, tussen pp. 84 en 85.)

---

26. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 161.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Suid-Afrikaanse bomwerpers


Wanneer die bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag met dié van die Italiaanse Lugmag in Oos-Afrika aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog vergelyk word, het die Suid-Afrikaanse Lugmag maar sleg afgesteek. In Junie 1940 het die Suid-Afrikaanse Lugmag slegs 37 bomwerpers in Kenia gehad. Hulle was in twee eskaders verdeel naamlik, No. 12 Eskader met dertien Ju 86-bomwerpers en No. 11 Eskader met 24 Hawker Hartbees-bomwerpers.[27]

Die Ju 86 was aanvanklik passasiersvliegtuie wat deur die Suid-Afrikaanse Lugmag van die Suid-Afrikaanse Lugdiens oorgeneem en in bomwerpers verander is.[28] Hulle was oorspronklik vir 'n dubbele rol aangeskaf, naamlik dié van passasiersvliegtuig en bomwerper. Ongelukkig is daar vergeet om die uitrusting vir omskepping te bestel of daar is nagelaat om dit af te lewer. Wat ook al die geval was, die omskepping van hierdie vliegtuie in bomwerpers is in die Suid-Afrikaanse Lugdiens se werkswinkels gedoen.[29] 'n Bomvrag van 1 000 kilogram kon deur hierdie vliegtuig vervoer word terwyl sy maksimum spoed van 325 kilometer per uur veel stadiger was as die Italiaanse SM 81- en SM 79-bomwerpers. Sy hoogtegrens van 5 900 meter was ook heelwat laer as dié van die Italiaanse vliegtuie.[30]

---

27. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 36.
28. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 118.
29. Aantekeninge ontvang van luitenant-generaal H.J. Martin in 1985.
30. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 118.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



JU 86

(S.A. Weermag)

Die verouderde Hawker Hartbees-vliegtuig kon 'n bomvrag van slegs 290 kilogram vervoer en het 'n maksimum spoed van 283 kilometer per uur gehad.[31] Met sy uiters beperkte houtyd[32] en gevolglike kort aksiestraal, kon hy net ter steuning van die grondmagte gebruik word en kon hy nie vyandelike teikens oor lang afstande aanval nie.[33]

---


31. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 310.

32. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p.143.

33. Aantekeninge ontvang van luitenant-generaal H.J. Martin in 1985.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







HAWKER-HARTBEES


(S.A. Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis)

In onderstaande grafiese voorstelling van die vergelykende bomvrag, spoed en vlieghoogte van die twee opponerende bomwerpermagte in die suide van Italiaans-Oos-Afrika, is dit duidelik dat die bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag oor die algemeen swakker as die Italiaanse Lugmag daaraan toe was.

MAKSIMUM BOMVRAG





MAKSIMUM VLIEGHOOGTE



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






In die Soedan en Aden, waar eenhede van die Britse Lugmag ontplooi was, het hulle beter en meer bomwerpers tot hulle beskikking gehad as wat dit die geval met die Suid-Afrikaanse Lugmag in Kenia was. Tref 'n mens egter 'n vergelyking tussen die Britse en Italiaanse Lugmagte se bomwerpers ten opsigte van hulle getalsterkte en werk= verrigting, het die Italiaanse Lugmag weer eens die voordeel gehad. Die Britse Lugmag het in die genoemde twee gebiede 102 bomwerpers tot hulle beskikking gehad.[34] Hierdie bomwerpermag het uit Blenheim

34. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mk. I-, Vincent- en Wellesley bomwerpers bestaan.[35]

Die Blenheim Mk. I- en Vincent bomwerpers kon elk 'n bomvrag van 454 kilogram dra,[36] terwyl die Wellesley-bomwerper daartoe in staat was om 907 kilogram te vervoer.[37] Sover dit dus die vermoë van die bomwerpers betref ten opsigte van die gewig van die bomvrag wat vervoer word, was die Italiaanse Lugmag beter daaraan toe as die Britse bomwerpers.

Ten opsigte van spoed, het slegs die Blenheim Mk. I-bomwerper, met 'n maksimum spoed van 459 kilometer per uur,[38] 'n beter werkverrigting as die Italiaanse SM 79 gehad. Die Wellesley met 'n maksimum spoed van 303 kilometer per uur,[39] was egter stadiger as die SM 81- en die SM 79-bomwerpers, terwyl die Vincent-bomwerper se maksimum=

---

35. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 35.
36. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, pp. 133 en 149.
37. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 149.
38. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 132.
39. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 149.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



spoed van 229 kilometer per uur[40] uiters swak met selfs die ver= ouderde Italiaanse CA 133-bomwerpers vergelyk.

Dit was egter ten opsigte van die maksimum vlieghoogte dat die Britse bomwerpers enigsins beter daaraan toe was as die Italiaanse vliegtuie. Die Blenheim Mk. I se maksimum vlieghoogte van 8 315 meter,[41] die Vincent se vlieghoogte van 5 791 meter[42] en die Wellesley se vlieghoogte van 10 058 meter,[43] was oor die algemeen 'n verbetering op die maksimum vlieghoogte van die Italiaanse vliegtuie.

---


40. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 149.
41. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 132.
42. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 149.
43. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 149.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Onderstaande grafiese voorstellings toon duidelik die agterstand wat hierdie Britse bomwerpermag teenoor die Italiaanse bomwerpers gehad het.

MAKSIMUM BOMVRAG





MAKSIMUM SPOED



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Vegvliegtuie


Wat die vegvliegtuie van die Geallieerde Lugmagte aanbetref, was die prentjie minder somber. Die Italiaanse Lugmag het van twee tipes vegvliegtuie gebruik gemaak naamlik die CR 32- en CR 42-vegvliegtuie. Die CR 32-vegvliegtuig, met 'n maksimum spoed van 360 kilometer per uur en 'n hoogtegrens van 7 700 meter, het twee 12,7 millimeter Breda-SAFFAT-masjiengewere in sy boonste kap gehad en twee 7,7 millimeter Breda-masjiengewere aan die onderste vlerk. Voorsiening is ook gemaak om 100 kilogram bomme te dra.[44]

---

44. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 155.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






CR 32

(Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 47)

Die Italiaanse CR 42-vegvliegtuig was 'n goeie en hoogs maneuvreerbare vliegtuig [45] wat 'n maksimum spoed van 450 kilometer per uur gehad het en 'n hoogtegrens van 10 500 meter. Sy bewapening het uit twee 12,7 millimeter Breda-SAFFAT-masjiengewere wat op die boonste kap gemonteer was bestaan en hy was daartoe in staat om 'n bomvrag van 200 kilogram te dra.[46]


---

45. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 46.

46. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 156.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





CR 42

(James A Brown: A Gathering of Eagles, tussen pp. 84 en 85)


Teenoor die Italiaanse vegvliegtuigmag het die Geallieerde Lugmagte van veral drie soorte vegvliegtuie gebruik gemaak. In die eerste plek was daar die verouderde en uitgediende Fury Mk. II-vegvliegtuig waarvan die Suid-Afrikaanse Lugmag aanvanklik ses gehad het. Hierdie vliegtuig was bykans net so vinnig soos die Italiaanse CR 32, met 'n maksimum spoed van 359 kilometer per uur en 'n hoogtegrens van 8 992 meter. Sy bewapening het uit twee ,303 Vickers Mk V-masjiengewere bestaan en aan die vlerke is voorsiening gemaak om ligte bomme te dra.[47]

---

47. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 142.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






HAWKER FURY


(S.A. Weermag)

Die Fury-vegvliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag is later met Gloster Gladiator Mk I-vegvliegtuie aangevul wat met 'n topspoed van 407 kilometer per uur nie alleen vinniger as die Fury- en die CR 32-vliegtuie was nie, maar sy hoogtegrens van 9 997 meter was ook beter as dié van die Italiaanse CR 32. Die Gladiator se bewapening het uit twee ,303 Browning-masjiengewere aan die romp en twee ,303 Browning-, Vickers- of Lewis-masjiengewere wat aan die onderste vlerk gemonteer is, bestaan.[48]

---

48. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: <u>Combat Aircraft of World War Two</u>, p. 141.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




GLOSTER GLADIATOR

(S.A. Weermag)

Die Hurricane Mk. I-vegvliegtuig sou by die Italiaanse Lugmag vrees inboesem.[49] Hierdie vliegtuig het 'n maksimum spoed van 496 kilometer per uur gehad met 'n hoogtegrens van 10 180 meter. Sy bewapening het uit agt ,303-Browningmasjiengewere bestaan wat in die vlerke gemonteer was.[50]


In die grafiese voorstelling op p. 58 kan die Geallieerde Lugmagte se superioriteit ten opsigte van die werkverrigting van hulle vegvliegtuie wel deeglik gesien word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Italiaanse Lugmag getalsgewys beter daaraan toe was as die

---

49. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 163, The Union at War, South African Air Force, (Account of SAAF), p. 12164.

50. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: <u>Combat Aircraft of World War Two</u>, p. 143.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HAWKER HURRICANE

(S.A. Weermag)

Geallieerde Lugmagte. In Junie 1940 was daar in Kenia slegs twaalf Suid-Afrikaanse vegvliegtuie. In die Soedan en Aden nie eens 'n volle vegvliegtuigeskader nie.[51]


---


51. James A. Brown: A Gathering of Eagles, pp. 35 - 36.

* Die twaalf Suid-Afrikaanse vegvliegtuie waarna verwys word het bestaan uit ses Hurricane- en ses Fury-vegvliegtuie soos op p. 36 aangedui. In die Soedan was 'n vlug van vier Gladiator-vegvliegtuie. Wat Aden betref weerspreek die bronne mekaar. In A Gathering of Eagles, p. 35 word gepraat van 'n eskader op kwartsterkte, terwyl die skrywers van History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. 1, van 'n eskader op halfsterkte melding maak. Verge=lyk I.S.O. Playfair, G.M.S. Stitt, C.J.C. Molony, S.E. Toomer: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. 1, p. 96.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Dit is in hierdie stadium belangrik om kortliks te wys op die voordele wat 'n hoë "vlieghoogte" vir beide bomwerpers en vegvliegtuie ingehou het. In soverre dit die bomwerpers betref, die volgende.

Indien die bomwerpers hoër sou kon klim as die vyandelike vegvliegtuie, het dit die voordeel ingehou dat hulle minder aan die dodelike aanvalle van die kant van vegvliegtuie blootgestel sou wees. Aan die ander kant sou dit ook nadele vir die bomwerpers inhou om so hoog te vlieg. Bomwerping wat in daardie stadium vanaf 'n hoë hoogte uitgevoer is, was minder akkuraat as wat die geval vanaf 'n lae hoogte sou wees.[52]

'n Hoë vlieghoogte was vir vegvliegtuie van net so 'n groot waarde as vir bomwerpers. Hierdie groter hoogte het vegvliegtuie in staat gestel om beide vyandelike vegvliegtuie en bomwerpers met beter welslae aan te val.[53]

Insgelyks is dit dan ook te verstane dat 'n vliegtuig met 'n hoë spoed=grens verdere voordele sal hê bo dié met 'n lae spoedgrens.

## 3. ITALIAANSE EN SUID-AFRIKAANSE LUGOPERASIES IN OOS-AFRIKA

### Italiaanse operasies

In 1921 het die Italiaanse dissipel van lugkrag, Giulio Douhet, verklaar dat, indien vyandelikhede tussen twee lande sou ontstaan, moet 'n land

---

52. Aantekeninge van luitenant-generaal H.J. Martin ontvang in 1985.

53. Aantekeninge van luitenant-generaal H.J. Martin ontvang in 1985.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se lugmag op só 'n gereedheidsgrondslag geplaas wees, dat hy direk tot die aanval kan oorgaan.[54] Aangesien die Italiaanse Lugmag hulle strategie teen die dertigerjare op Douhet se teorie geskoei het,[55] is daar verwag dat die "Regia Aeronautica", na Mussolini se oorlogsver= klaring, direk tot die aanval in Oos-Afrika sou oorgaan, veral gesien in die lig van die numeriese superioriteit wat die Italianers in die lug geniet het. Nairobi, hoofstad van Kenia, was in daardie stadium reeds verdonker en sandsakke voor openbare geboue gepak in afwagting van hierdie Italiaanse lugaanvalle.[56] Hierdie verwagte lugaanvalle het egter nooit gematerialiseer nie, aangesien maarskalk Rudolfo Badoglio aan die hertog van Aosta opdrag gegee het om sy lugmag slegs in 'n defensiewe rol te gebruik.[57] Die rede vir hierdie strategie van Badoglio is onduidelik maar verskeie moontlike redes kon vir die besluit bestaan het.

Ten eerste kan die rede in die tóé heersende toestande in Europa gesoek word. Met Italië se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog, was Frank- ryk alreeds op sy knieë gedwing en is daar oor die algemeen verwag

---

54. Giulio Douhet: The Command of the Air ( translated by Sheila Fischer), p. 47.

55. S.A.W. - Argief: D.G.A.F. Groep 2, Houer 35, Lêer 24/7/3/3, War Tactics - Operations Italy, Italian Tactics (23rd December 1940), p. 1.

56. James A. Brown: A Gathering of Eagles, pp. 36 - 37.

57. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 17.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat dit net 'n kwessie van tyd sou wees, alvorens die finale nekslag aan Frankryk deur Duitsland toegedien sou word. Dit was dan ook so, want op 22 Junie 1940 het Duitsland en Frankryk 'n wapenstilstands=ooreenkoms aangegaan en op 24 Junie 1940 ook Italië en Frankryk.[58] Op 25 Junie 1940 is alle vyandelikhede in Frankryk gestaak.[59] Met Brittanje nou alleen in die stryd en die veel geroemde Duitse "Luftwaffe" gereed om die eiland en sy inwoners te bombardeer, was die algemene verwagting in Duitsland en ook in Italië, dat Brittanje binne enkele weke, of op die uiterste, binne enkele maande, daartoe gedwing sou wees om te kapituleer. Dit sou dus, volgens maarskalk Badoglio en ander militêre strateë in Rome, onsinnig wees om mense se lewens in die Soedan en in Kenia op die altaar te plaas, aangesien Italië, as bondgenoot van Duitsland, buitendien die vrugte van sy oorlogs=verklaring sou pluk indien Brittanje die stryd teen Duitsland gewonne gee.[60]

Verder was Italië in 1940 nie gereed om tot die oorlog toe te tree nie.[61]

---

58. A.J. Grant and Harold Temperley: Europe in the Nineteenth and Twentieth Centuries (1789 - 1950), p. 543.

59. Adolph Goutard: "Fall of France". In Purnell's History of the Second World War, p. 185 asook in Reader's Digest Illustrated History of World War II, Vol. 2, p. 601.

60. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 17.

61. James L. Collins (consulting editor): The Marshall Cavendish Illustrated Encyclopedia of World War II, Vol. 2, p. 270.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afgesien van die feit dat sy magte uiters swak bewapen was,[62] was sy reserwevoorrade van strategiese oorlogsmateriaal baie laag.[63] Om 'n offensiewe beleid in Italiaans-Oos-Afrika onder hierdie omstandig=hede te voer, sou dus nutteloos en 'n onnodige verkwisting van waardevolle oorlogstuig en brandstof wees.

Ten tweede moet die rede vir die defensiewe rol wat aan die magte in Italiaans-Oos-Afrika toegesê is, in Afrika self gesoek word. Na die Italiaanse verowering van Ethiopië in Mei 1936,[64] was daar nog steeds opstandigheid onder 'n groot deel van die inheemse bevolking wat hulle nie met die Italiaanse regime wou vereenselwig nie.[65] 'n Groot deel van die hertog van Aosta se gewapende magte, wat ook eenhede van sy lugmag ingesluit het, moes deurgaans gebruik word om opstandige elemente van die inheemse bevolking in bedwang te probeer hou. Selfs in die suide van Ethiopië, waar die inwoners teen die afgesette Haile Selassie gekant was, was daar gereelde opstande wat deur Italiaanse troepe onderdruk moes word.[66] Deur 'n defensiewe rol in hierdie

---

62. James L. Collins (consulting editor): The Marshall Cavendish Illustrated Encyclopedia of World War II, Vol. 2, p. 270.

63. James L. Collins (consulting editor): The Marshall Cavendish Illustrated Encyclopedia of World War II, Vol. 2, p. 271.

64. M.L.R. Isaac: A History of Europe Since 1870, p. 110.

65. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, pp. 44 - 45.

66. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



konflik te speel, sou die hertog van Aosta derhalwe sy magte kon gebruik om die opstandige inboorlinge tot ander insigte te bring.[67]

Verder het die Italiaanse militêre strateë die topografie ten suidweste van Italiaans-Oos-Afrika in gedagte gehou toe hulle hul strategie vir hierdie gebied bepaal het. 'n Semi-woestyn wat ongeveer 500 kilometer breed was, het op die grens tussen Kenia en Ethiopië gelê.[68] In hierdie dorre gebied waar water skaars was, het die Italiaanse militariste 'n versperring gesien wat aanvalle vanuit Kenia hoogs onwaarskynlik sou maak, terwyl 'n aanval vanuit Ethiopië op Kenia ook nie vir die hertog van Aosta lonend sou wees nie.[69]

Die enigste moontlike gebied wat 'n gevaar vir Italiaans-Oos-Afrika ingehou het, was Frans-Somaliland. Hierdie strategies geleë gebied met sy goeie hawegeriewe in Jibuti, kon maklik deur Italië se vyande gebruik word om vandaar die gebied binne te val.[70]

---

67. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 17.
68. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, The Campaign Against Italian East Africa, Chapter "H", "The Fighting on the Kenya Border", Part 1, p. 3.
69. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 17.
70. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 17.

In die lig van die bepalings van die wapenstilstand tussen Italië en Frankryk[71] asook die feit dat die Vichy-regering onder leiding van veldmaarskalk Phillippe Petain pro-Duits was[72] het hierdie gevaar egter verdwyn.

Al wat die hertog van Aosta dus te doen gestaan het, was volgens militêre beplanners in Rome, om agteroor te sit en te wag dat Brittanje die handdoek ingooi. Buitendien, aldus maarskalk Badoglio, sou die oorlog nie langer as Oktober van daardie jaar duur nie![73]

Geallieerde operasies

Vanaf Junie 1940 tot aan die einde van die jaar, was wat die ver= skillende landmagte aanbetref, 'n relatiewe statiese periode.
Aan Geallieerde kant, sou enige offensiewe optrede teen Italiaans-Oos-Afrika aanvanklik buite die kwessie wees. Nie alleen was die Geallieerde magte numeries swakker as die magte van die hertog van Aosta nie, maar troepeversterkings, onder andere ook van Suid-Afrika wat vanaf Junie 1940 in Kenia begin aankom het,[74]

---

71. A.J. Grant and Harold Temperley: Europe in the Nineteenth and Twentieth Centuries (1789 - 1950), p. 544.

72. Russel Miller and the editors of Time-Life Books: The Resistance, p. 23.

73. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, p. 23.

74. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


moes eers opleiding in oorlogsomstandighede ontvang.[75]

Wat die optredes van die Britse en Suid-Afrikaanse Lugmagte betref, was hierdie egter 'n tydperk van aktiewe offensiewe optredes teen Italiaans-Oos-Afrika. Die operasieleiding van die Suid-Afrikaanse Lugmag sou, volgens 'n ooreenkoms tussen generaal Smuts en eerste lugmaarskalk sir Robert Brooke-Popham, onder eerste lugmaarskalk sir A. M. Longmore ressorteer.[76] Eerste lugmaarskalk Longmore, wat groepkaptein W. Sowrey as bevelvoerder van die lugmagte in Kenia aangestel het,[77] het die rol wat die lugmagte in Italiaans-Oos-Afrika moes vertolk, soos volg gesien.

In die eerste plek moes offensiewe vlugte teen vyandelike lugmag= basisse uitgevoer word met die doel om die getalsoorwig wat die Italiaanse Lugmag geniet het, te verklein.[78] Tydens hierdie aanvalle

---

75. Neil Orpen: East African and Abyssinian Campaigns, pp. 52 - 53.
76. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 1, Lêer AA/4/B, Copy of Despatch by Air Chief Marshall, Sir A.M. Longmore, K.C.B., D.S.O., Air Officer Commanding-in-Chief, Royal Air Force, Middle East, Covering period 13th May to 31st December, 1940, (Dated 1.2.1941), p. 8.
77. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 163, The Union at War, South African Air Force, (Account of SAAF), p. 12158.
78. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 1, Lêer AA/4/B, Copy of Despatch by Air Chief Marshall, Sir A.M. Longmore, K.C.B., D.S.O., Air Officer Commanding-in-Chief, Royal Air Force, Middle East, Covering period 13th May to 31st December, 1940, (Dated 1.2.1941), p. 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op die lugmagbasisse, moes daar ook probeer word om die fasiliteite wat by die basisse bestaan het vir die herstel van vliegtuie, te ver= nietig.[79] In die tweede plek moes daar, in 'n poging om die be= staande Italiaanse voorrade te vernietig, aanvalle op ammunisie- en voorraadopslagplekke uitgevoer word. Terselfdertyd moes ook aanvalle op hawes in Italiaans-Oos-Afrika uitgevoer word om die aanvul van verlore voorrade te neutraliseer.[80] In die derde plek moes verkenningsvlugte vir die leër uitgevoer word,[81] aangesien die bestaande kaarte van Italiaans-Oos-Afrika, wat inligting aangaande paaie, riviere en berge aanbetref, nie alleen onakkuraat nie, maar ook geweldig foutief was.[82] In die vierde plek moes die lugmag verkenningsvlugte vir die Britse Vloot langs die kus van Italiaans-Oos-Afrika uitvoer om dusdoende te help om die beweging van

---

79. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 1, Lêer AA/4/B, Copy of Despatch by Air Chief Marshall, Sir A.M. Longmore, K.C.B., D.S.O., Air Officer Commanding-in-Chief, Royal Air Force, Middle East, Covering period 13th May to 31st December, 1940, (Dated 1.2.1941), p. 3.
80. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 1, Lêer AA/4/B, Copy of Despatch by Air Chief Marshall, Sir A.M. Longmore, K.C.B., D.S.O., Air Officer Commanding-in-Chief, Royal Air Force, Middle East, Covering period 13th May to 31st December, 1940, (Dated 1.2.1941), p. 3.
81. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 1, Lêer AA/4/B, Copy of Despatch by Air Chief Marshall, Sir A.M. Longmore, K.C.B., D.S.O., Air Officer Commanding-in-Chief, Royal Air Force, Middle East, Covering period 13th May to 31st December, 1940, (Dated 1.2.1941), p. 3.
82. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 39.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vyandelike skeepsverkeer na en van Italiaans-Oos-Afrika stop te sit.[83]

In hoe 'n mate sou die Suid-Afrikaanse Lugmag aan hierdie eise van eerste lugmaarskalk Longmore voldoen? Daar sal in die volgende bladsye nie soseer 'n juiste geskiedkundige verloop van die oorlog in Italiaans-Oos-Afrika gegee word nie, maar sal die rol wat die Suid-Afrikaanse Lugmag in die uitvoering van bogenoemde funksies gespeel het, asook die hulp wat hy aan die grondmagte in 1941 verleen het, eerder ondersoek word.

Uitbreidings van die Suid-Afrikaanse Lugmag

Dit is in hierdie stadium belangrik om daarop te wys dat die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende die eerste vier maande van die oorlog in Oos-Afrika, verskeie versterkings ten opsigte van soorte, en ook aantal vliegtuie ontvang het.

Gedurende Julie 1940, is die Hawker Hartbees-vliegtuie van No. 11 Eskader, met Fairey Battle Mk III-bomwerpers vervang.[84]

---

83. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 1, Lêer AA/4/B, Copy of Despatch by Air Chief Marshall, Sir A.M. Longmore, K.C.B., D.S.O., Air Officer Commanding-in-Chief, Royal Air Force, Middle East, Covering period 13th May to 31st December, 1940, (Dated 1.2.1941), p. 9.
84. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Dié vliegtuie, met 'n maksimum spoed van 414 kilometer per uur en 'n bomvrag van 454 kilogram,[85] sou die Ju 86-bomwerpers van No. 12 Eskader bystaan met bomaanvalle wat oor langer afstande uitgevoer moes word. Afgesien van sy bomvrag, het die vliegtuig een ,303 Browning-masjiengeweer aan sy stuurboordvlerk gehad en een Vickers "K"-masjiengeweer in die agterste stuurkajuit.[86]
Die Fairey Battle was egter 'n uiters swak operasionele vliegtuig wat nie teen 'n gedugte vyand opgewasse was nie. Gedurende die Duitse inval in Frankryk het die Duitse "Luftwaffe" die Fairey Battle-eskaders totaal uitgewis[87] en die belangrikste rede was "... that it was under-powered and obsolescent by the time that it was flown into the maelstrom over the thunderous Western Front."[88]

---

85. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: <u>Combat Aircraft of World War Two,</u> p. 139.
86. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: <u>Combat Aircraft of World War Two,</u> p. 139.
87. Aantekeninge van luitenant-generaal H.J. Martin ontvang in 1985.
88. Peter Lewis: <u>The British Bomber Since 1914</u>, p. 288.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





FAIREY BATTLE

(S.A. Weermag)

In die tussentyd is die Hawker Hartbees-vliegtuie van No. 11 Eskader aan No. 40 Eskader oorgedra, wat nou as No. 40 Leër-Ondersteunings= eskader bekend sou staan.[89] Die uitsluitlike funksie van hierdie eskader sou wees om ondersteuning aan die leër op verskeie terreine, soos ver= kenning en vuurleiding vir die artillerie, te verskaf.

Wat die vegvliegtuigeskaders aanbetref, het No. 1 Eskader op 30 Julie en 9 Augustus 1940, Gladiator Mk I-vegvliegtuie ontvang[90] waarmee hulle bestaande Hurricane- en Hawker Fury-vegvliegtuie aangevul is. Verdere veranderinge ten opsigte van die vegvliegtuigeskaders het in

---

89. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, p. 6.

90. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. in East Africa, Chronology 1940, pp. 1 - 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Augustus 1940 plaasgevind.[91] Nege vlieëniers van No. 1 Eskader is na Egipte gestuur om Gladiator Mk. I-vegvliegtuie af te haal. Met hulle terugvlug na Kenia is hulle by Khartoum afgekeer om die Geallieerde Lugmag aldaar te versterk. In Oktober 1940 is hulle geledere aange=vul en sou hulle as No. 1 Eskader bekend staan. Die oorblywende vlieëniers van No. 1 Eskader in Kenia sou die kern van 'n nuwe eskader uitmaak wat as No. 2 Eskader bekend sou staan.[92] In dieselfde maand is die vegvliegtuigmag van die Suid-Afrikaanse Lugmag verder versterk met die aankoms van No. 3 Eskader, wat met Hurricane Mk II-vegvlieg=tuie toegerus was.[93]

Geallieerde lugoperasies

Terwyl die Geallieerde grondmagte in Kenia en die Soedan besig was om voorbereidings vir offensiewe optredes teen Italiaans-Oos-Afrika te tref, het die verskillende eenhede van die Suid-Afrikaanse en Britse Lugmagte aktief met die oorlog teen die magte van die hertog van Aosta voortgegaan. Nie alleen is verkenningsvlugte op land en see onderneem nie, maar daar is ook probeer om die lugoorwig wat die "Regia Aeronautica" geniet het te neutraliseer deur aanvalle op vyan=delike landingsvelde uit te voer. Aan hierdie genoemde funksies sal daar in die volgende aantal bladsye aandag gegee word.

---

91. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 52.

92. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. in East Africa, Chronology 1940, p. 2.

93. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. in East Africa, Chronology 1940, p. 2.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lugverkenning

Verkenningsvlugte, alhoewel minder skouspelagtig in hulle resultate as byvoorbeeld bomwerping, was egter vir beide die leër en vloot van groot belang. Daagliks is hierdie funksies deur verskillende vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag, afhangende van die afstand na die spesifieke gebied vanwaar die inligting verlang is, uitgevoer.

Die Hawker Hartbees-vliegtuie van No. 40 Eskader was vanweë hulle kort houtyd en ligte bomvrag, verantwoordelik vir verkennings=vlugte langs die grens van Kenia en Italiaans-Oos-Afrika.[94]




94. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, p. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Seksie wat by Garba Tula gestasioneer was, was vir die gebied vanaf die Rudolfmeer tot by Moyale verantwoordelik, terwyl 'n tweede seksie met hulle landingsvelde by Wajir, die gebied Moyale - El Wak - Dif verken het. 'n Derde seksie wat verkenningsvlugte oor die gebied Dif - Chiamboni uitgevoer het, het hulle basis by Garissa gehad.[95]

Die digbeboste landskap, wat die grootste gedeelte van hierdie gebied beslaan het, het daartoe aanleiding gegee dat die vliegtuie van No. 40 Eskader, soms tot 15 minute lank op 'n lae hoogte oor 'n spesifieke area in sirkels moes vlieg om hulle te vergewis dat geen vyandelike troepe hulle in die gebied skuilhou nie.[96] Deur laag en in sirkels

---

95. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, p. 11.

96. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te vlieg, was hierdie vliegtuie nie alleen aan vyandelike lugafweer=geskut blootgestel nie, maar hierdie skynbare onekonomiese gebruik van die vliegtuie om inligting aangaande vyandelike troepebewegings te bekom, sou ook daartoe aanleiding gee dat heelwat noodlandings as gevolg van 'n tekort aan brandstof uitgevoer moes word.[97]

Lugverkenning is egter nie alleenlik langs die grens van Kenia en Italiaans-Oos-Afrika uitgevoer nie. Eskaders wat met Ju 86- en Fairey Battle-bomwerpers toegerus was, het verkenningsvlugte tot diep binne Italiaanse gebied onderneem.[98]

Maryland-bomwerper

Ondersteuningsvlugte wat in belang van die Britse Vloot uitgevoer is, het die begeleiding van konvooie en oorlogskepe ingesluit asook maritieme verkenning om vyandelike skeepsverkeer op te spoor.[99] Aanvanklik is hierdie funksies deur Ju 86-bomwerpers van No. 12 Eskader verrig, maar aan die begin van 1941 is die Ju 86-bomwerpers

---

97. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 59.

98. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 60.

99. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 60.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur Maryland II-bomwerpers van No. 24 Eskader bygestaan. No. 24 Eskader is in Desember 1940 gestig[100] toe vlieëniers van No. 12 Eskader, onder bevel van majoor C.E. Martin, na Nakuru gestuur is om opleiding op Maryland-bomwerpers te ontvang.[101]

Hierdie Amerikaanse bomwerpers was oorspronklik volgens spesifika= sies van die Franse regering vir hulle lugmag gebou, maar na die val van Frankryk is die uitstaande bestellings deur die Britse Lugmag oorgeneem, en het die Suid-Afrikaanse Lugmag op hierdie wyse van die vliegtuie bekom.[102] Hierdie vliegtuie kon op 'n hoogte van 3 597 meter 'n maksimum spoed van 447 kilometer per uur handhaaf. Sy bewapening wat uit 907 kilogram bomme bestaan het, is ook met vier ,303 duim Browning-masjiengewere wat in die vlerke gemon= teer is en twee Vickers "K"-masjiengewere wat elk in 'n dorsale en ventrale posisie geplaas is, aangevul.[103]

---


100. E.N. Tucker and P.M.J. McGregor: Per Noctem Per Diem, p. 1.

101. E.N. Tucker and P.M.J. McGregor: Per Noctem Per Diem, p. 1.

102. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 204.

103. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 204.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**MARYLAND**

(S.A. Weermag)

Die verkryging van informasie het ook, waar die geleentheid hom voorgedoen het, met offensiewe aanvalle gepaard gegaan. So het 'n Maryland-bomwerper op 11 Februarie 1941 selfs daarin ge= slaag om 'n Italiaanse skip tot oorgawe te dwing! [104]

---

104. E.N. Tucker and P.M.J. McGregor: Per Noctem Per Diem, p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verkenningsvlugte deur die lugmag uitgevoer, sou dwarsdeur die veldtog in Italiaans-Oos-Afrika volgehou word. In die tydperk 10 Junie tot 30 November het die Suid-Afrikaanse Lugmag, 988 verkenningsvlugte onderneem[105] waartydens daar 24 488 lugfoto's geneem is.[106] Hierdie foto's sou vir die land- en seemagte van onskatbare waarde wees in die beplanning van hul offensief teen Italiaans-Oos-Afrika.[107]

Vegvliegtuie

Terwyl die vliegtuie van No.'s 11, 12 en 40 Eskaders met verkennings=vlugte en bomwerping besig gehou is, het die Suid-Afrikaanse vegvliegtuie aanvanklik die gebiede om Nairobi, Mombasa en die verskillende landings=velde teen moontlike vyandelike lugaanvalle verdedig.[108] Dit was dan ook tydens so 'n Italiaanse lugaanval dat die Suid-Afrikaanse Lugmag se onvoorbereidheid vir 'n oorlog duidelik ten toon gestel is.


---

105. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 58.
106. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Report on Air Operations conducted independently and in Support of the Royal Navy and the Army, during the advance of the Ground Forces from the boundary of British and Italian EAST AFRICA until the occupation of ADDIS ABABA, Between 10th Feb. and 5th April 1941, By Air Commodore W. Sowrey, p. 7555.
107. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 60.
108. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 320, South African Forces in the Second World War, p. 62.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 6 Augustus 1940 het twee Italiaanse CA 133-bomwerpers die Suid-Afrikaanse Lugmag se landingsveld by Wajir aangeval.[109] Nadat die aankomende vyandelike vliegtuie gewaar is, het twee Hawker Fury-vegvliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag met vlugluitenant R.S. Blake en luitenant D. Pannell in beheer, dadelik opgestyg om die vyandelike aanval die hoof te bied. Aangesien die wind vanuit 'n suidwestelike rigting gewaai het, en die aanvallers die landings=veld vanuit 'n noordoostelike rigting genader het, moes die twee vliegtuie met hulle rug na die aankomende bomwerpers opstyg en 'n draai van 180° maak, voor die Italiaanse vliegtuie aangeval kon word.




109. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 63, Lêer AE/12/B, Combat Report on attack of Wajir Aerodrome by Two Caproni Bombers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Terwyl die vegvliegtuie met hierdie maneuver besig was, het die Italiaanse bomwerpers hulle bomme oor die landingsveld gelos en 'n Hawker Hartbees-vliegtuig van die Suid-Afrikaanse Lugmag ver=nietig. Voordat die Furie-vegvliegtuie enige skade aan die CA 133-bomwerpers kon aanrig, het die Italiaanse vlieëniers in die wolk=bedekking ontglip.[110]

Op die oog af was hierdie suksesvolle aanval van die Italianers op sigself nie so uitsonderlik dat dit die onvoorbereidheid van die Suid-Afrikaanse Lugmag illustreer nie. Per slot van sake kon geen land se lugmag gedurende die Tweede Wêreldoorlog die lugruim in so 'n mate oorheers, dat geen vyandelike vliegtuie nie hulle teikens sou bereik nie! In die skriftelike verslag van vlugluitenant Blake aan kolonel S.A. Melville rakende dié voorval, word hierdie onvoorbe=reidheid egter baie duidelik blootgelê.

Vlugluitenant Blake noem in die eerste plek dat hulle wel van 'n waarskuwingstelsel gebruik maak om vlieëniers van vegvliegtuie te waarsku om so gou as moontlik op te styg, indien vyandelike vliegtuie die landingsveld nader. Tydens hierdie betrokke geval, het die vegvliegtuie slegs ongeveer 50 sekondes gehad om op te styg voordat die aanvallers hulle bomme gelos het. Die rede vir die kort kennisgewing om op te styg en die vyandelike aanval af te slaan, was dat die vyandelike vliegtuie op 'n lae hoogte die landings=veld genader het en dat die uitkyker wat in 'n boom gesit het, hulle nie so gou kon opmerk nie! Die slotopmerking in vlugluitenant

---

110. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 63, Lêer AE/12/B, Combat Report on attack of Wajir Aerodrome by Two Caproni Bombers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Blake se verslag illustreer duidelik die gebrek aan doeltreffende opsporingsapparaat toe hy kolonel Melville versoek het om asseblief aan hulle 'n verkyker vir die gebruik van die persoon in die boom beskikbaar te stel, aangesien die verkyker wat hy, (Blake), geleen het, aan sy regmatige eienaar terugbesorg moes word.[111]

As daar na die soorte en hoeveelheid vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag in Oos-Afrika in 1940 gekyk word, en as hulle primitiewe verdedigingstelsel met dié van 'n land soos Brittanje in 1940 vergelyk word, wil dit voorkom asof die Suid-Afrikaanse Lugmag nie aan die vereistes sou kon voldoen wat aan hom in Italiaans-Oos-Afrika gestel is nie. Wat egter belangrik is, is die effektiwiteit en vasberadenheid van die personeel verbonde aan die lugmag. Al is 'n lugmag hoé paraat, al het hy die mees geso= fistikeerde bewapening en die beste vliegtuie tot sy beskikking, en die vasberadenheid van die bemanning tot sukses ontbreek, kan geen positiewe resultate verwag word nie. In hierdie verband stel die twee militêre geskiedskrywers, C. Webster en N. Frankland,

---

111. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 63, Lêer AE/12/B, Combat Report on attack of Wajir Aerodrome by Two Caproni Bombers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit in hulle werk, History of the Second World War - The Strategic Air Offensive Against Germany 1939-1945, baie duidelik. In die gedeelte waar hulle die verskillende hindernisse wat bomwerpers mag teenkom bespreek, stel hulle dat die suksesvolle oorbrugging van hierdie hindernisse onder andere "... lie in the efficiency and determination of the crews ..."[112]

Aan vasberadenheid om hulle doel te bereik, sou die personeel van die Suid-Afrikaanse Lugmag geen tekort hê nie, soos daar ook weldra gesien sal word.

Neutralisering van die Italiaanse lugoorwig

Vroeër is genoem dat die eerste mikpunt van die Geallieerde Lugmagte in Oos-Afrika sou wees om die vyandelike lugmagbasisse aan te val om daardeur Italiaanse lugoorwig te neutraliseer. In 'n ontleding van hierdie onafhanklike aanvalle op die Italiaanse Lugmagbasisse in die suide van Italiaans-Oos-Afrika deur die Geallieerde Lugmagte, waaronder die Suid-Afrikaanse eskaders, blyk dit duidelik dat die grond=magte van lokale lugsuperioriteit verseker sou wees, toe hulle vroeg in 1941 met hulle offensief begin het.

---

112. Charles Webster and Noble Frankland: History of the Second World War - The Strategic Air Offensive Against Germany 1939 - 1945, Vol. 1, p. 18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende die tydperk 10 Junie tot 31 Oktober 1940, het die Suid-Afrikaanse Lugmag 22 Italiaanse vliegtuie vernietig, terwyl 20 ernstig beskadig is.[113] In die ooreenstemmende tydperk is elf Suid-Afrikaanse vliegtuie deur Italiaanse optrede vernietig en vier ernstig beskadig.[114] Interessant is egter die feit dat die grootste hoeveelheid van hierdie Italiaanse verliese nie in luggevegte plaas= gevind het nie, maar dat hierdie vliegtuie op die grond vernietig is.

In onderstaande kolomme kan die ooreenstemmende verliese deur die verskillende lugmagte in hierdie periode gely, duidelik gesien word en kan ons verstaan as die skrywers van die History of the Second World War: The Mediterranean and Middle East die volgende aangaande die Suid-Afrikaanse Lugmag se pogings in Oos-Afrika skryf: "The squadrons of the South African Air Force took the initiative from the outset, and never lost it, and their success removed one of the Army's biggest anxieties."[115]

---

113. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940,p. 15.

114. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940,p. 15.

115. I.S.O. Playfair, G.M.S. Stitt, C.J.C. Molony, S.E. Toomer: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. 1, p. 423.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## ITALIAANSE VERLIESE

| IN DIE LUG | | OP DIE GROND | | ERNSTIG BESKADIG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers |
| 1 | 5 | - | 16 | 2 | 18 |

## SUID-AFRIKAANSE VERLIESE

| IN DIE LUG | | OP DIE GROND | | ERNSTIG BESKADIG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers [116] |
| 1 | 8 | - | 2 | - | 4 |

Verliese deur die Italiaanse Lugmag gely, het egter progressief vermeerder na gelang die oorlog begin uitrek het, terwyl die Suid-Afrikaanse verliese weer verminder het. Gedurende die tydperk 1 November 1940 tot 28 Februarie 1941, is daar 26 Italiaanse vliegtuie verwoes en ses ernstig beskadig, terwyl daar elf Suid-Afrikaanse vliegtuie vernietig en ses beskadig is.[117] Weer eens het die Italianers die grootste verliese, naamlik 18 uit die 26 vliegtuie, op hulle landingsvelde gely, terwyl die Suid-Afrikaanse Lugmag in hierdie tydperk geen verliese op

---

116. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, p. 15.

117. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, Bylae: Aircraft Casualties, n.p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die grond gely het nie.[118] Hierdie gegewens dui daarop dat die Suid-Afrikaanse Lugmag die inisiatief in die lugoorlog in die suide van Italiaans-Oos-Afrika behou het en nie die "Regia Aeronautica" kans gegee het om tot die aanval oor te gaan nie.

ITALIAANSE VERLIESE

| IN DIE LUG | | OP DIE GROND | | ERNSTIG BESKADIG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers |
| 1 | 7 | 1 | 17 | 1 | 5 |

SUID-AFRIKAANSE VERLIESE

| IN DIE LUG | | OP DIE GROND | | ERNSTIG BESKADIG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers | Vegvliegtuie | Bomwerpers |
| 3 | 8 | - | - | 1 | 5 [119] |

118. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, Bylae: Aircraft Casualties, n.p.
119. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, Bylae: Aircraft Casualties, n.p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir die eerste agt maande van die oorlog in Oos-Afrika was die Italiaanse en Suid-Afrikaanse verliese dus soos volg:

ITALIAANSE VERLIESE

| IN DIE LUG | | OP DIE GROND | | ERNSTIG BESKADIG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vegvlieg-tuie | Bomwer-pers | Vegvlieg-tuie | Bomwer-pers | Vegvlieg-tuie | Bomwer-pers |
| 2 | 12 | 1 | 33 | 3 | 23 |

SUID-AFRIKAANSE VERLIESE

| IN DIE LUG | | OP DIE GROND | | ERNSTIG BESKADIG | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vegvlieg-tuie | Bomwer-pers | Vegvlieg-tuie | Bomwer-pers | Vegvlieg-tuie | Bomwer-pers |
| 4 | 16 | - | 2 | 1 | 9 |

Italiaanse verliese kon selfs hoër gewees het as wat in bogenoemde uiteensetting aangegee is, aangesien van die beskadigde Italiaanse vliegtuie moontlik nie herstel kon word nie. In een van die militêre bronne wat ter hand geneem is, word die Italiaanse verliese vir die tydperk 10 Junie 1940 tot 9 Februarie 1941, op 53 vliegtuie vernietig en 63 beskadig gestel.[120] Dié statistiek, alhoewel nie

120. S.A.W. - Argief: Houer 320, Union War Histories, The Campaign Against Italian East Africa, Chapter "H", "The Fighting on the Kenya Border," Part III, p. 126.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onmoontlik nie, skyn hoog geskat te wees. Waar die oorlogsdag=boeke van die verskillende eskaders van die Suid-Afrikaanse Lugmag onder oë geneem is, word daar ook somtyds ná die afhandeling van krygsvlugte, hoë vliegtuigverliese aan die Italiaanse Lugmag toegedig. Hierdie hoë eise aan die Suid-Afrikaanse kant was nie daarop gemik om iemand om die bos te lei nie, maar dit is bekend dat die Italianers soms van fopvliegtuie gebruik gemaak het op hulle landingsvelde.[121] Van hierdie "vliegtuie" kon maklik as vernietig of beskadig aangegee word, wat dan die getal beskadigde vliegtuie hoër sou stel as wat werklik die geval was. Syfers hierbo genoem was slegs die bevestigde verliese en geen syfers is verstrek van verliese wat deur ongelukke gely is nie.

Dat die Italiaanse Lugmag egter in die eerste maande van die oorlog geweldige verliese gely het, is nie te betwyfel nie. Die Italiaanse Lugmagbevelhebber, generaal Pietro Pinna, het na die eerste week van vyandelikhede voorspel dat die "Regia Aeronautica" nie langer as vier maande sonder enige versterkings sou kon funk=sioneer nie, aangesien hul verliese baie hoog was.[122] Die Italiaanse historikus, Guiseppe Santoro, meen dat die Itailaanse verliese in die tydperk 10 Junie 1940 tot 10 September 1940, 84 vliegtuie was.[123] Hierdie getal sluit in alle vliegtuie deur die Geallieerde Lugmagte vernietig en nie slegs verliese as gevolg van die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag nie.

---

121. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 76.

122. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 42.

123. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 63.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die stelselmatige vernietiging van die Italiaanse Lugmag word duidelik in die daaglikse verslae van die hertog van Aosta aan die Italiaanse opperbevel in Rome weerspieël. Op 31 Januarie 1941, het die hertog gerapporteer dat hy slegs 82 vliegtuie tot sy beskikking gehad het om die oorlog in Italiaans-Oos-Afrika mee voort te sit. Van hierdie getal was daar 50 bomwerpers, 29 veg=vliegtuie, twee verkenningsvliegtuie en een vragvliegtuig.[124] Vier dae later moes Aosta rapporteer dat hy slegs 71 vliegtuie oorgehad het,[125] en op 16 Februarie 1941 het hierdie getal tot 56 gekrimp,[126] waarvan slegs nege vegvliegtuie was.[127]

---

124. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 211, East African Campaign, Despatches from Viceroy, December 1940 - May 1941 (United States' Serial No. 284/A 1179, Translation from Italian), p. 76.

125. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 211, East African Campaign, Despatches from Viceroy, December 1940 - May 1941 (United States' Serial No. 284/A 1179, Translation from Italian), p. 81.

126. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 211, East African Campaign, Despatches from Viceroy, December 1940 - May 1941 (United States' Serial no. 284/A 1179, Translation from Italian), p. 101.

127. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 211, East African Campaign, Despatches from Viceroy, December 1940 - May 1941 (United States' Serial No. 284/A 1179, Translation from Italian), p. 103.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 17 Februarie 1941 het die hertog in sy verslae verklaar dat die vernietiging van die Italiaanse Lugmag in Oos-Afrika 'n demora= liserende uitwerking op die inwoners asook sy troepe het, en dat dit van die uiterste belang is dat hy so gou as moontlik ver= sterkings in die vorm van veral vegvliegtuie kry, aangesien die opponerende lugmagte in so 'n mate beheer oor die lugruim uitoefen dat Italiaanse troepe willekeurig en sonder enige vrees van teenstand vanuit die lug, aangeval word. [128]

Dat die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n bydrae tot hierdie uitwissing van die Italiaanse Lugmag in Oos-Afrika gelewer het, is nie te betwyfel nie. Volgens Italiaanse verslae wat by die lugmagbasis te Yavello gehou is, het die Suid-Afrikaanse Lugmag van 16 Junie 1940 tot 23 Februarie 1941 nie minder nie as 38 van hulle vliegtuie op die grond deur middel van bomaanvalle verwoes.[129] Dan moet daar in gedagte gehou word dat hierdie nie die enigste Italiaanse lugmagbasis was wat onder die Suid-Afrikaanse aanvalle deurgeloop het nie. Bomaanvalle is ook op Neghelli, El Wak, Lugh Ferrandi, Mogadisjoe, Dire Dawa, Addis Abeba en op ander minder belangrike

---

128. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 211, East African Campaign, Despatches from Viceroy, December 1940 - May 1941 (United States' Serial No. 284/A 1179, Translation from Italian), p. 103.

129. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 66.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lugmagbasisse gedoen.[130]

'n Belangrike rede vir die vernietiging van die Italiaanse Lugmag kan veral toegeskryf word aan die defensiewe rol wat hierdie lug=mag in Italiaans-Oos-Afrika vertolk het. Dit het aan die Geallieerde lugmagte dan ook die geleentheid gebied om die grootste deel van die Italiaanse Lugmag op die grond te vernietig, soos duidelik in die voorafgaande tabelle aangedui is.

Die verkryging van lugsuperioriteit deur die Suid-Afrikaanse Lugmag in die suide van Italiaans-Oos-Afrika, sou veral op drie gebiede vir die Geallieerde landmagte van onskatbare waarde wees. In die eerste plek het dit beteken dat die Geallieerde landmagte hulle offensief teen die magte van Aosta, sonder vrees vir enige noemenswaardige Italiaanse teenaanvalle uit die lug kon voortsit. Hierdie feit word duidelik geïllustreer as die Geallieerde leërrapporte aangaande hulle opmars teen die Italiaanse magte onder oë geneem word.

---

130. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, East Africa original draft narratives (Air), East Africa, Air operations June - October 1940, p. 9.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende die Suid-Afrikaanse 11e Divisie se opmars vanaf Bura in die oos= te van Kenya na Afmadu in Italiaans-Somaliland in Februarie 1940, het die bevelvoerder, generaal-majoor H.E. de Wetherall hom as volg aangaande vyan= delike lugaanvalle uitgelaat: "During the whole of the advance from Bura to Afmadu, hostile aircraft were seldom heard of and no attack was made upon our column. Prior to the advance of 11(A) Division, the South African Air Force had shot down in the air or destroyed on the ground about 17 of the enemy's aircraft at Afmadu and at Gobwen. It is doubtless to these attacks that we owed our immunity from what had been expected to be the greatest danger to our mechanised column. Some idea of the size of this column will be gathered when it is stated that, even at this stage, when the Division consisted of one Brigade Group and divisional troops only, the column with tactical intervals between units and vehicles took 14 to 16 hours to pass a point."[131]

Waar sulke vyandelike lugaanvalle wel gematerialiseer het, was dit egter van korte duur en is die Geallieerde grondmagte weinig

---

131. S.A.W. - Argief, S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Extracts from Army Despatches on Abyssinian Campaigns, Extracts from the report on the operations of 11th (African) Division between February 14th and April 6th 1941: During which the division advanced from the river Tana areas to Addis Abeba, No. 12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verliese toegedien, soos uit onderstaande verslag van die bevel= voerder van die S.A. 12e Divisie, generaal-majoor A.R. Godwin-Austen[132] aangaande hierdie divisie se opmars na Mogadisjoe blyk. Hy skryf onder meer as volg: "Ever since the commencement of these forward operations enemy aircraft had been most active. Convoys had been attacked on the road and troops bombed and machinegunned in bivouacs at Dif, Gherille and Liboi. Casual= ties to personnel and material were light, and these attacks were looked upon as a nuisance rather than a peril. The 1st Bn. (Battalion) Transvaal Scottish were, however, unlucky when one bomb exploded in a slit trench killing four and wounding five. But on 3rd February, the tables were turned. Captain Frost of the South African Air Force, in a Hurricane fighter, shot down three Caproni bombers and one Fiat fighter over Dif*. On the same day an attack on Gobwen aerodrome destroyed three bombers and two fighters. From that day until after the occu= pation of Mogadiscio, no attack by enemy planes was experienced by any part of our troops in daylight".[133]

---

132. Neil Orpen: East Africa and Abyssinian Campaigns, p. 378.

* Volgens die skrywer van A Gathering of Eagles p. 126, is 'n uitgebrande CR 42 wat by Brava gevind is, ook deur enkele militêre dokumente aan Frost se luggeveg toegesrkyf.

133. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Extracts from Army Despatches on Abyssinian Campaigns, Extracts from 12th (African) Division: Report on the operations in Italian Somaliland: February - March, 1941, No. 7.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie stadium is dit ook gerade om kortliks te let op die rol van No. 1 Eskader in die noorde van Italiaans-Oos-Afrika te verwys. Hier= die eskader het onder bevel van No. 203 Groep van die Britse Lugmag gestaan.[134] Gedurende die tydperk 8 Augustus 1940[135] tot 27 Maart 1941[136] het hierdie eskader, afgesien van hulle normale pligte soos die begeleiding van bomwerpers en die uitvoering van defensiewe en offensiewe krygsvlugte, heelwat Italiaanse vliegtuie in luggevegte en op die grond vernietig,[137] terwyl ses Suid-Afrikaanse vlieëniers gedood is.[138]

---

134. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 197, Lêer CA/10, History of Eritrean Campaign as carried out by No. 1 Squadron, S.A.A.F., p. 1.

135. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 197, Lêer CA/10, History of Eritrean Campaign as carried out by No. 1 Squadron, S.A.A.F., p. 1.

136. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 212.

137. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 197, Lêer CA/10, History of Eritrean Campaign as carried out by No. 1 Squadron, S.A.A.F., p. 1.

138. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 212.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die sielkundige waarde wat hierdie vernietiging van die Italiaanse Lugmag vir die Geallieerde magte ingehou het, kan ook nie oorbe= klemtoon word nie. Nie alleen het dit daartoe aanleiding gegee dat 'n groot hoeveelheid swart Italiaanse troepe gedros het nie,[139] maar dit het vir die moreel van die Geallieerde troepe ook baie beteken om te weet dat 'n effektiewe lugmag besig was om hulle opmars te ondersteun.[140]

Samewerking met landmagte

Die neutralisering van die Italiaanse Lugmag sou daartoe bydra dat die Hawker Hartbees-vliegtuie, alhoewel stadig en verouderd, ook hulle deel tot die suksesvolle afhandeling van die veldtog in Italiaans-Oos-Afrika sou bydra. Die vliegtuie wat oorspronklik deur No. 40 Eskader en later No. 41 Eskader oorgeneem is, het waardevolle werk as kommunikasievliegtuie, leërwerkvliegtuie, bomwerpers en vegvliegtuie verrig.

As vegters kon hierdie uitgediende Hawker Hartbees-vliegtuie nie veel verrig nie. Nogtans het majoor J.T. Durrant, kaptein C.M.S. Gardner en luitenant J.D.W. Human van No. 40 Eskader

---

139. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 211, East African Campaign, Despatches from Viceroy, December 1940 - May 1941 (United States' Serial No. 284/A 1179, Translation from Italian), p. 103.

140. S.A.W. - Argief, S.A.A.F., Houer 194, Lêer CA/1, Extracts from Army Despatches on Abyssinian Campaigns, Extracts from East Africa Force: Report on operations: From November 1, 1940 - April 5, 1941, No. 139.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarin geslaag om op 17 Desember 1940 tydens die Suid-Afrikaanse aanval op El Wak, 'n Italiaanse bomwerper neer te skiet wat op die punt gestaan het om die Suid-Afrikaanse troepe te bombardeer.[141] Die Suid-Afrikaanse vlieëniers het inderdaad nie 'n geleentheid laat verbygaan om vyandelike stellings of vliegtuie aan te val nie. Selfs die Hawker Hartbees-vliegtuie het ligte bomme gedra wat hulle op klein Italiaanse forte gebruik het, asook op opslagplekke soos byvoorbeeld by Birikau die geval was.[142] Intussen is teikens soos vyandelike motor=voertuie, brûe en personeel nie deur die Suid-Afrikaanse vlieëniers oor die hoof gesien nie.

Samewerking met die grondmagte het egter nie slegs uit aanvalle op vyandelike teikens bestaan nie. Dit het 'n wye spektrum van funksies omvat waarvan die belangrikste die volgende was.

Kommunikasievlugte

'n Lugmag moet daartoe in staat wees om, indien dit van hom verlang word, nie alleen as boodskapper op te tree nie, maar ook as instrument te dien om persone so vinnig moontlik te vervoer.

---

141. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 1.

142. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In hierdie rol het die Suid-Afrikaanse Lugmag hom dan ook uitmuntend van sy taak gekwyt en enkele voorbeelde hiervan word voorgehou.

Tydens die Geallieerde aanval op El Wak aan die einde van 1940, is daar onder andere van die Hawker Hartbees-vliegtuie verwag om situ= asierapporte uurliks by die hoofkwartier van 12 Divisie en halfuurliks by die hoofkwartiere van die twee aanvalsmagte te wete "Dickforce" en "Pinforce" af te lewer.[143] Brigadier C.E.M. Richards was in bevel van "Dickforce", terwyl brigadier D.H. Pienaar bevel oor "Pinforce" gevoer het.[144]

Bogenoemde opdragte was addisionele funksies wat bo en behalwe die normale funksies van verkenningsvlugte oor alle toegangsroetes na El Wak, asook die verskaffing van vuurleiding aan die artillerie, uitgevoer moes word.[145] Hierdie take is deur nege Hawker Hartbeesvliegtuie "...with a cool efficiency ..."[146] verrig wat net die hoogste lof

---

143. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 21.

144. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 21.

145. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 21.

146. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van generaal Godwin Austen uitgelok het.[147] Bo en behalwe die Hawker Hartbees-vliegtuie, het vier Hurricane-vegvliegtuie van No. 2 Eskader die gebied op 15 en 16 Desember aanhoudend gepatrolleer terwyl drie Ju 86-bomwerpers gereed gestaan het om hulp, indien die grond=magte dit verlang het, te gee.[148]

'n Tweede voorbeeld wat voorgehou kan word, was tydens die Ge=allieerde opmars van Mogadisjoe na Addis Abeba in Maart 1941. Hierdie opmars het so snel verloop, dat die voorste eenhede van 11 (Afrika) Divisie en sy hoofkwartier, etlike honderde kilometer van mekaar verwyder was.[149] Weer eens is Hawker Hartbees-vliegtuie gebruik om personeel verbonde aan die verskillende hoof=kwartiere, na en van die front vir samesprekings te vervoer.[150]

Selfs op 'n wyer front het die Hawker Hartbees-vliegtuie hulle rol as kommunikasiemiddel vertolk, toe offisiere van 5 Indiese

---

147. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 21.

148. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 373, The East African Campaign, S.A. Forces July 1940 to July 1941, p. 21.


149. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 2.

150. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




## OOS-AFRIKA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Divisie, wat hulle by Asmara bevind het, en offisiere van 11 (Afrika) Divisie wat by Addis Abeba was, bymekaar gebring is om oor die gesamentlike aanval van die twee Geallieerde magte op Amba Alagi te konfereer.[151]

ASMARA - AMBA ALAGI - ADDIS ABEBA




151. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Verkenning van roetes en vyandige verdedigingstelsels, verspreiding van propagandapamflette en die afgooi van voorrade.

Tydens die opmars en agtervolging van die hertog van Aosta se magte, het die reeds genoemde foutiewe kaarte van die gebied, lugverkenning weer van kardinale belang gemaak. In een geval het die beskikbare kaarte aangetoon dat daar twee paaie is wat vanaf Belet Uen na Addis Abeba lei. Lugverkenning van die meer direkte, en dus ook kortste roete, het egter aangetoon dat hierdie pad, "...although it started well, soon faded out and for most of its length was either under construction or untouched."[152]

Vliegtuie moes ook verder ondersoek instel of die gebaande weë wat wel bestaan het, nie deur die terugvallende Italiaanse troepe beskadig is nie.[153] Militêre bevelvoerders is dan ook gereeld van sulke gebeurlikhede in kennis gestel sodat hulle bewus was

152. S.A.W.- Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 4.

153. S.A.W.- Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


waar oponthoude verwag kon word.[154] Selfs mynvelde is deur die vliegtuie uit die lug opgespoor, deurdat hulle waargeneem het waar Italiaanse voertuie van ompaaie deur die bosse gebruik gemaak het.[155]

Verkenningsvlugte om Italiaanse verdedigingstelsels uit te stip, is telkemale voor aanvalle deur Maryland-vliegtuie uit=gevoer. Net voordat die grondmagte egter tot die aanval sou oorgaan, het Hawker Hartbees-vliegtuie weer oor die gebied gevlieg om te probeer vasstel of daar enige bykomende masjiengeweerneste, loopgrawe, tenkvalle ensovoorts, deur die vyand aangebring is. Hierdie nuwe inligting is dan op bestaande lugfoto's van die gebied aangestip.[156]

Anti-Italiaanse propagandapamflette wat in Italiaans, Arabies, Amharies en Somali geskryf is, is oor Italiaans-besette gebiede

---

154. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 4.
155. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 4.
156. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur vliegtuie van die Suid-Afrikaanse en Britse Lugmagte ge= strooi.[157] In Ethiopië alleen, is meer as 7 000 000 van hierdie pamflette deur die Suid-Afrikaanse Lugmag versprei.[158] Italiaanse krygsgevangenes het egter verklaar dat hierdie pamflette met min= agting deur die Italiaanse magte bejeën is.[159] Of dit wel die geval was en of hierdie pamflette bygedra het dat groot getalle swart troepe sou dros, is nie hier ter sprake nie. Wat wel van belang is, is die feit dat daar van die Suid-Afrikaanse Lugmag verwag is om hierdie pamflette te versprei, wat hulle dan ook suksesvol gedoen het.

Alhoewel vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag toegerus was met voorraadafgooiers, het dit selde gebeur dat geleenthede hul voorgedoen het waar voorrade aan vasgekeerde troepe vanuit die lug afgegooi moes word. Waar daar wel van die lugmag verwag is om hierdie funksie te verrig, het hulle dan ook daarop gereageer. In een so 'n geval waar 'n patrollie wat as gevolg van reën afgesny was, om hulp gevra het, is voorrade water aan hulle deur die lugmag voorsien.[160]

---

157. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 79.

158. James A. Brown: A Gathering of Eagles, p. 79.

159. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 5.

160. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 202, Lêer AE/5, Army Co-Operation, Methods of Army Co-operation in Bush Warfare, as practised in the Somaliland and Abyssinian Campaigns, p. 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4. SAMEVATTEND

Namate die "Regia Aeronautica" as gevegsmag opgehou bestaan het, is eenhede van die Suid-Afrikaanse Lugmag na die Midde-Ooste oorgeplaas om die Geallieerde Lugmagte aldaar in hulle stryd teen die Duitse en Italiaanse magte by te staan. So het No. 1 Eskader op 8 April 1941 na Egipte vertrek, en is hulle deur No. 2 Eskader op 17 April en No. 12 Eskader op 26 Mei gevolg.[161] No. 11 Eskader is op 31 Mei 1941 ontbind en sy personeel verdeel onder No. 15 Eskader wat in Oos-Afrika sou aanbly, terwyl die res van die eskader die kern van die nuutgestigte No. 21 Eskader sou uitmaak wat na die Midde-Ooste vertrek het.[162]

Die eskaders wat in Oos-Afrika agtergebly het, te wete Nos. 3, 15, 16 en 41 Eskaders,[163] sou die landmagte in hulle stryd om die laaste Italiaanse weerstand te vernietig, behulpsaam wees. Van 'n lugoorlog in hierdie stadium, was daar egter nie sprake nie, aangesien die Italiaanse Lugmag, met die uitsondering van enkele vliegtuie, nie meer bestaan het nie.

---

161. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. In East Africa, Chronology 1941, p. 3.
162. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. In East Africa, Chronology 1941, p. 4.
163. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. In East Africa, Chronology 1941 - 1943, pp. 3 - 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hierdie veldtog wat in November 1941 ten einde geloop het, toe die oorblywende Italiaanse magte by Gondar en Asosa oorgegee het,[164] het die Suid-Afrikaanse Lugmag meer as 6 500 krygsvlugte onderneem en meer as 150 Italiaanse vliegtuie vernietig.[165] Die vraag kan egter gevra word of die lugmag voldoen het aan die vereistes van lugkrag aan hom gestel.

Kyk ons na die vereistes wat eerste lugmaarskalk Longmore aan die begin van die oorlog ten opsigte van Italiaans-Oos-Afrika aan die lugmag gestel het, is die antwoord onteenseglik "JA". In die eerste plek het die Suid-Afrikaanse Lugmag, met die klein hoeveelheid verouderde vliegtuie tot sy beskikking, gesorg dat lugsuperioriteit verkry is en dat dit behoue gebly het. In die tweede plek is die land- en seemagte soos reeds aangedui, op verskeie terreine bygestaan. Die Suid-Afrikaanse Lugmag het vanaf hulle eerste aanval op Moyale op 11 Junie 1940,[166] tot aan die einde van die veldtog, nooit die inisiatief uit hulle hande laat glip nie. Dit het moed en deur=settingsvermoë van sowel die bemanningslede van die vliegtuie as die

---


164. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. in East Africa 1942, p. 5.
165. H. Potgieter, W. Steenkamp, D. Becker, L. Vosloo: Aircraft of the South African Air Force, p. 25.
166. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, Bylae: The S.A.A.F. in East Africa 1940, p. 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


grond- en administrasiepersoneel en die persone verantwoordelik vir die instandhouding van die bestaande en nuwe landingsvelde geverg.

Die Oos-Afrikaanse veldtog was egter ook die smeltkroes van die Suid-Afrikaanse Lugmag, wat hier tot 'n waardige mag gevorm is. Hier is die grondslag vir toekomstige organisasie, beheer en bevel gelê. Die manne se moreel is staalhard gesmee en 'n mens sidder om te dink wat in die stryd teen die Duitsers sou gebeur het, indien die ondervinding nie in Oos-Afrika opgedoen is nie.

# WESTELIKE WOESTYN




Oorgeneem uit Neil Orpen: War in the Desert, tussen pp. 8 en 9